# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XLII Nr. 2

DONDERDAG, 27 FEBRUARIE 1986


## ROCK FESTIVAL HOT

OVER 5 000 students gathered under a hot sun and enjoyed some good music at Stellenbosch's first big rock-festival held at the Drie Gewels Hotel on Saturday 15 February.

Mr Charl du Plessis, the organizer of the festival, said that he was "very happy with the outcome of the event" and that he envisaged a "similar event next year, but on a much bigger scale, and with more bands performing than this year".

About R15 000 in proceeds have been donated to USKOR.

The performing bands were Raisas Farm, Complications, All Night Radio, Askari, Falling Mirror, Brighton Blue, and Robin Auld with Z- Astaire.

It was the first time that Falling Mirror had played in Stellenbosch and for Raisas Farm, and up-and-coming Cape Town band, it was a first big-time appearance. The festival also marked the start of Askari's national tour.

By the end of the afternoon, almost everyone in the audience was dancing. Members of the bands said afterwards that they were "greatly encouraged' by the audience" and that they had enjoyed the afternoon just as much as the students had.

Mr Steve Louw, the manager of All Night Radio, said he was pleased that "people could just let go and enjoy themselves". Three of the members of All Night Radio were ex-Maties, so for them it was "great to be back in their home-town". Mr Louw added that "in all respectcs, musically and financially, the festival was a great success", and that he hoped to see more of its kind in the future.

Mr Kobus Conradie, compère for the event, commented that "the participation by students marks a definite start to a new awareness among them."

# Verster en ASB haaks

Deur Ons Inter-Universitêre Redaksie

**BLOEMFONTEIN. – Politieke verskille tussen die voorsitter van die US se studenteraad, mnr. Phillip Verster, en die president van die Afrikaanse Studentebond, mnr. Marthinus van Schalkwyk, is verlede week by 'n debat by die UOVS op die spits gedryf.**

Hulle het saam met die president van die Inkatha Jeugbrigade, mnr. Musa Zondi, verlede Woensdag aan 'n debat oor die jeug en politiek deelgeneem. In sy toespraak het mnr. Verster die ASB se onwilligheid om politiek betrokke te raak, gekritiseer.

**Volgens 'n betroubare bron het mnr. Van Schalkwyk ná die debat gesê Stellenbosch kan nie meer 'n rol binne die ASB speel nie. Hy het klaarblyklik ook gevra dat Fiesta, die ASB se vaardigheidsfees wat gedurende die vakansie op Stellenbosch sou plaasvind, na 'n ander kampus verskuif word.**

Me. Zenda Barnard, voorsitter van die Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch – wat Fiesta sou reël – het ontken dat die geskil tussen mnre. Verster en Van Schalkwyk die rede vir die verskuiwing is. Volgens haar is die gebrek aan borge en kommunikasieprobleme tussen haar en die organiseerders die rede vir die verskuiwing.

### "Belaglik"

Mnr. Verster het in sy toespraak gesê die ASB het sy politieke verantwoordelikhede geabdikeer, en daardeur "paterties gefaal in sy politieke rol". Hy het ook gesê die Universiteit van Stellenbosch kan nie meer 'n rol binne die ASB speel as dié organisasie nie meer politieke leiding gee aan die studente op hulle kampusse nie.

Hy het gesê studente moet nie meer debatteer oor of hulle politiek betrokke moet raak nie, maar op watter wyse hulle betrokke moet raak.

Die argument dat die ASB bloot 'n kultuurorganisasie behoort te wees, en nie sy studente-aktiwiteite moet verpolitiseer nie, is deur mnr. Verster as "belaglik" bestempel.

Die politieke skolingsrol van die ASB kan nie suksesvol wees as daar nie politieke standpuntinname is nie, het mnr. Verster gesê. Studente kan nie politiek geskool word indien hulle nie politiek betrokke kan raak nie.

'n Student raak betrokke deur self aan politieke debatte deel te neem en self standpunt in te neem, en nie deur te luister na wat ander vir jou sê hul standpunt is nie, het mnr. Verster gesê.



Mnr. VERSTER

Die president van die ASB, mnr. Marthinus van Schalkwyk, het die ASB as 'n kultuurorganisasie waarbinne Afrikaner-eenheid op kultuur-gebied gehandhaaf kan word, beskryf. Die politieke rol "is 'n sekondêre rol," het hy gesê.

In antwoord op 'n vraag uit die gehoor het mnr. Van Schalkwyk toegegee dat die kultuur verlore kan gaan as die jeug se politieke rol misluk. Hy beskou die kulturele rol van die ASB egter nog steeds as die primêre, het hy gesê.

Mnr. Musa Zondi, president van die Inkatha Jeugbrigade, het die politieke rol van die blanke jeug beskryf as "'n poging om die swart jeug se politieke aspirasies beter te verstaan. Daarom is dit belangrik dat die jeug – blank en swart – nie net kultureel betrokke moet wees," het hy gesê.

Mnr. Verster het die studenteraad van die UOVS, wat die beoogde besoek van 'n groep Maties aan die ANC gekritiseer het, gevra "waar hulle die mandaat verkry het om só 'n politieke uitspraak te maak."

### Marxiste

"Daar is tog geen kanaal vir politieke standpuntinname op die Kovsie-kampus nie," het mnr. Verster gesê. Daarvolgens kan hulle mos geen politieke standpunt inneem nie, het hy gesê. Indien hulle wel oor iets soos die ANC uitsprake kan maak, kan hulle ook mos oor instromingsbeheer, paswette en groepsgebiede debatteer en standpunt inneem, het hy gesê. Dit vind volgens mnr. Verster nie plaas nie.

Mnr. Van Schalkwyk het ontmoetings met die ANC as "naïef" beskryf. "Die dag wanneer ons met die kommuniste in dialoog tree, is dit Ikabod vir die voortbestaan van hierdie land," het hy gesê.

Mnr. Verster het in antwoord hierop gewys dat die Suid-Afrikaanse regering met marxiste dialoog gevoer het – en selfs 'n verdrag met hulle gesluit het, die Verdrag van Nkomati.




Foto: DEON SONNEKUS

Vanjaar se me. Matieland, Lemaryn Louw, glimlag breed by die kroningsbal terwyl sy moet klou om haar kroon te behou.

# Klippe vlieg by vlotbou

Deur DIRK HAMMANN

'N ONDERONSIE tussen sierwa-bouers van Pieke en inwoners van Huis Nagenoeg het uitgeloop op 'n ondersoek deur die rektor, wat moontlik tot tugstappe kan lei.

Die voorval het die nag voor Karnaval gebeur toe Pieke sy sierwa op 'n leë stuk grond agter die Nagenoeg-anneks – waarin swart studente woon – gebou het.

Die inwoners van die Nagenoeg-anneks en Pieke het glo die aand op vriendelike voet verkeer. Volgens mnr. Fischer het studente van Pieke die anneks se buiteligte gebruik om met die bou van hul sierwa te help. Pieke-studente het daarna aangebied dat die anneks se inwoners vleis oor hulle vuur kan braai.

Na bewering het drie studente van Huis Nagenoeg, waar bruin studente woon, omstreeks half-drie die oggend betrokke geraak in 'n onderonsie met Pieke-studente. 'n Student van Pieke is volgens mnr. Bertram Fischer, primarius van Nagenoeg, met 'n klip raakgegooi.

(Vervolg op bl. 2)

# Matie-held se dood ondersoek

Deur DAAN MOSTERT

SPOORWEGPOLISIEMANNE moes aan diens gewees het by die oorgang waar mnr. Pieter Jooste die Saterdag van karnaval deur 'n trein raakgery is.

Volgens mnr. Brink de Vos, eienaar van die Drie Gewels-hotel het hy persoonlik met die stasiemeester van Lynedoch, mnr. A.J. Thiart, gereël vir personeel aan diens, "omdat dit 'n uiters gevaarlike oorgang is". Volgens mnr. Thiart sou 'n sers. Le Grange van Bellville vir die oorgang sorg.

Volgens ooggetuies wat nie hulle name genoem wil hê nie, het hulle twee spoorwegpolisiemanne gesien wat die hele tyd in 'n voertuig gesit en slaap het. Mnr. Thiart wou nie kommentaar lewer op die beweringe nie, en sers. Le Grange kon nie opgespoor word nie.

Volgens kol. T.W. Wolfaard, Streeksuniformoffisier van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste (SAVD), is daar geen spesiale reëlings getref vir die beveiliging van die oorgang nie. "Dit is 'n erkende oorgang. Ons kan tog nie elkeen gaan oppas nie," het hy gesê. Volgens kol. Wolfaard kon daar nie van die masjinis van die trein verwag word om te stop nie. "Hy ry volgens 'n skedule. Voor 'n oorgang loei hy die sirene en as iemand dan in die pad kom, is die beste wat hy kan doen, om sy remme aan te slaan." Volgens kol. Wolfaard sal die ondersoek nog sowat twee weke duur.

'n Ooggetuie, mnr. J.J. Smith sê hy is seker dat die trein nie sy sirene geloei het toe dit die oorgang genader het nie. Volgens hom het die trein geweldig vinnig die oorgang genader. "Pieter het homself met die spoed misreken toe hy die meisie van die spoor geruk het," het mnr. Smith bygevoeg.

Mnr. Thiart wou niks oor die beweringe sê nie. Volgens hom het hy egter 'n verslag opgestel "waarin ek baie krities teenoor die Spoorweë was". Hy wou nie daarop uitwei nie.

Volgens mnr. De Vos het hy lank reeds vertoë tot die SAVD gerig om die oorgang te beveilig. Verlede jaar in Mei het hy die Spoorweë skriftelik versoek om waarskuligte op te rig. Hy sou self betaal om die pad na die hotel te verbreed.

Volgens mnr. De Vos was die enigste reaksie wat hy gekry het, twee briewe van die SAVD waarin hulle by hom wou weet of hy R1 800 sou bydra. Volgens hom is dit geheel en al onvoldoende. Motoriste sal steeds nie weet of dit veilig is om die spoorlyne oor te steek nie.

Mnr. De Vos het daarop gewys dat daar verlede jaar by dieselfde oorgang 'n persoon deur 'n trein gedood is. Onlangs is daar ook 'n motor sowat 150m deur 'n trein saamgesleep. Die bestuurder was ongedeerd, "maar wie weet wanneer dit weer kan gebeur," het mnr. De Vos gesê.

Hy het voorts gesê dat Lynedoch-stasie "seker die enigste in Wes-Kaapland is" waar mense die spoorlyn direk moet oorsteek om by die perron uit te kom. "Dit is onhoudbaar omdat oumense gewoonlik die lyn moet oor," het mnr. De Vos opgemerk.

Mnr. Bertie Heckroodt, Streekdirekteur van die SAVD, het verduidelik hoe te werk gegaan word wanneer, oor die "uitskakeling" van oorgange besluit word. Volgens hom bewillig die Kabinet op 'n jaarlikse basis kapitaalfondse vir die doel. Volgens 'n nasionale prioriteitslys word dan besluit watter oorgange eerste beveilig word. Mnr. Heckroodt sê dat dit òf deur die bou van 'n oorbrug òf die plasing van veiligheidshekke of waarskuligte geskied.

# Stellensound

**SPECIAL STOCK TAKING CLEARANCE SALE**

**CASH & CARRY**

| ITEMS | WAS | NOW |
|---|---|---|
| Sanyo JT 220 Tuners | R199,00 | R159,00 |
| Kenwood KA 52 AMP | R439,00 | R369,00 |
| Kenwood KA 72 AMP | R499,00 | R399,00 |
| SANSUI V505 SPEAKERS | R499,00 | R399,00 |
| METRO MUSIC CENTRE | R499,00 | R369,00 |
| MUSIC CENTRE STANDS | R99,00 | R59,00 |
| SANYO HI FI STAND | R199,00 | R120,00 |
| PHILIPS HI FI SPEAKERS | R299,00 | R199,00 |
| KENWOOD TUNERS | R299,00 | R199,00 |
| NATIONAL FM ONLY DADIOS | R39,00 | R29,00 |
| TEDELEX TAPE DECKS | R499,00 | R359,00 |
| BLAUPUNKT TUNERS | R279,00 | R199,00 |
| BLAUPUNKT AMPLIFIERS | R279,00 | R199,00 |
| CALYPSO FM/MW RADIOS BATTERY/MAINS | R89,00 | R49,00 |
| CALYPSO RADIO CASSETTE | R115,00 | R89,95 |
| CALYPSO FM/MW RADIO ONLY | R49,00 | R39,00 |

*NO DEALERS PLEASE

AR



6 BX SPEAKERS
R498,00
per pair
CASH!!

marantz



2×40 WATT PER CHANNEL
WAS R529,00
NOW R449,95

ALPINE
ALPINE CAR AUDIO SYSTEMS



WAS R261,00
NOW R199,00

6311
6" × 9" (15 cm × 23 cm)
3 WAY SPEAKER SYSTEM — 60W
• Frequency Response 40 — 21 000 Hz
• Sensitivity 94 dB/W·m
• 20 Oz Woofer Magnet

ROTEL
RA 840 B
WAS R641,00
NOW R459,95

RA840BX
RA820BX
Integrated Amplifiers



RA 820 B
WAS R449,00
NOW R379,00

RA840BX SPECIFICATIONS
• Continuous power output: 40 W/ch • Total harmonic distortion (rated power output): 0.03% • Overload level (Phono MM input): 140 mV • Frequency response (Tape input):

RA820BX SPECIFICATIONS
• Continuous power output: 25 W/ch • Total harmonic distortion (rated power output): 0.03% • Overload level (Phono MM input): 140 mV • Frequency response (Tape input):

Stellenbosch Furniture Co. (Pty) Ltd.
cnr Andringa & Church st. ☎ 73004/5/6


# Polisie stop swemoptog

DIE Polisie het die Vrydag voor Karnaval studente van die koshuise Simonsberg en Heemstede gedwing om uiteen te gaan nadat hulle deur die dorp gemarsjeer het as deel van hul reklameset.

Mnr. Willmar Douglas, 'n lid van die tweedejaarskomitee van Simonsberg, het die optog gereël. "Ons wou in die goeie gees van karnaval protes aanteken teen die feit dat studente moet betaal om die die universiteitswembad te gebruik," het hy gesê.

'n Groep studente het die Vrydagoggend vanaf Simonsberg met 'n opslaanswembad gestap. Hulle het ook baniere gedra en slagspreuke soos "ons wil swem" geskreeu. Volgens mnr. Douglas moes die reklameset ook Smoegpunte vir die twee koshuise se karnavalpoging verwerf.

By die studentekerk is die groep deur lede van die verkeerspolisie voorgekeer en gevra om uiteen te gaan. Hulle het egter tot by die stadsaal gestap, waar 'n groot groep polisiemanne en verslaggewers hulle in-gewag het.

Nadat hulle weer eens versoek is om uiteen te gaan, het 'n woordewisseling tussen die leier van die groep, mnr. Magnum van der Wath, en die polisie ontstaan. Mnr. Van der Wath, wat 'n aanmerking oor die polisie gemaak het, en 'n fotograaf, mnr. Nico Vermeulen, is daarna in hegtenis geneem. Hulle is na ondervraging weer vrygelaat.

Volgens mnr. Van der Wath het hulle 'n baie beter houding van die polisie verwag. "Hulle was baie antagonisties," het hy gesê.

Mnr. Van der Wath het toegegee dat die gedrag van die polisie geregverdigd was, aangesien daar baie toeskouers was en dit die verkeer belemmer het. Hulle wou egter soveel tyd as moontlik wen sodat die verslaggewers kans kon kry om foto's te neem omdat die aantal Smoegpunte deur die mate van publisiteit bepaal word.

Op 'n vraag of hulle die verbod op optogte deur die universiteitsraad in gedagte gehou het, het mnr. Van der Wath gesê: "Dis belaglik. Die reklameset het niks met politiek te doen gehad nie. Dit was sports."

Sover dit bekend is beplan die universiteit en die polisie geen optrede nie.

## KLIPGOOI

*(Vervolg van bl.1)*

Studente van Nagenoeg is glo geskop en geslaan in die voorval. 'n Saak van saakbeskadiging is ook by die Polisie aanhangig gemaak nadat 'n student van Pieke se motorvenster na bewering stukkend gegooi is.

Mnr. Fischer het gesê dat Pieke daarop die Polisie ontbied het. Volgens hom wou die Polisie weet "wat die kleurlinge by die blankes soek" toe hulle by die toneel opgedaag het. Die Polisie het na bewering daarna inwoners van Nagenoeg rondgestamp, waarop studente van Pieke gesê het dat "hulle (die bruin studente) net soveel reg het om hier te bly as ons."

Volgens mnr. Fischer het Pieke nie toestemming gehad om sy vlot op die betrokke plek te bou nie.

Die universiteit se administrasie-afdeling "probeer om inligting van alle kante oor die saak in te win". Hy sal "in die volgende paar dae besluit of hy gaan optree", het die Rektor, prof. Mike de Vries, gesê.

Mnr. Robert Knobel, primarius van Pieke, wou nie kommentaar op die voorval lewer nie omdat die saak sub judice is en "die administrasie nog besig is met die ondersoek."




Dit was toe nie dié voorblad van die berugte Akkerjol wat die Karnaval-poging R27 000 gekos het nie. (Sien berig op p. 11).

# Meisie steeds soek

DIE meisie wat deur mnr. Pieter Jooste voor 'n aankomende trein gered is, het op die treinspoor rondgedans. Daarna het sy histeries weggehardloop

Só sê ooggetuies wat saam met mnr. Jooste na die rockfees gestap het .

Spekulasies oor die identiteit van die meisie duur ná die voorval voort. Berigte het in verskeie koerante verskyn, maar geenkoerant kon haar identifiseer nie.

Gerugte in die Sondagkoerant RAPPORT het haar naam gekoppel aan me. Franci Weyers, 'n gewese dramastudent aan die US en tans van Kaapstad, asook me. Lizel de Villiers van Stellenbosch.

DIE MATIE het drie van mnr. Jooste se boesemvriende – wat ooggetuies was – opgespoor. Hulle beskou die berig in RAPPORT as "gemors".

Oor wat hulle weet aangaande die noodlottige voorval, swyg hulle.

Hulle wil nie eens hulle name aan spekulasies koppel nie. "Alles is nog so deurmekaar. Pieter is dood en niks kan dit verander nie. Ons wil net vergeet," was een se reaksie.

DIE MATIE kon egter bo redelike twyfel uit betroubare bronne vasstel dat die meisie 'n student aan die Universiteit van Kaapstad is. Sy was nie saam met mnr. Jooste by die rockfees nie.

Sedertdien het niemand iets van haar gehoor nie.

Die Spoorwegpolisie het nog geen vordering gemaak om die identiteit van die meisie vas te stel nie.

# Organiseerder ontken blaam

"DAAR was wel genoeg parkering op die terrein self, maar ons het nie so 'n toestroming van mense by die rockfees verwag nie. Ons was egter nie vir die bewaking van die spooroorgang verantwoordelik nie."

Die organiseerder van die rockfees, mnr. Charl du Plessis, het verlede week só op onder andere beskuldigings dat die fees nie doeltreffend georganiseer is nie, gereageer.

Die kritiek het gevolg na die treinongeluk waarin 'n Stellenbosse student dood is.

Volgens mnr. Du Plessis het die mense gefrustreerd geraak toe hulle die opeenhoping by die enigste ingang gesien het en toe op enige plek geparkeer. Die gevolg was dat die oprit na die hotel feitlik totaal geblokkeer is.

Volgens mnr. Du Plessis was die bier wat tydens die rockfees gedrink is "normaal vir die geleentheid".

Mnr. Barnie van Vuuren, voorsitter van die karnavalkomitee, het gesê dat die dood van mnr. Jooste 'n "wrang smaak" gelaat het. Met die fees self was mnr. Van Vuuren baie ingenome.




# Lemaryn skitter by kroningsbal


Lemaryn Louw

EK-HET-JOU-MOS-GESê en staande toejuiging het die kroning van Me. Matieland '86, Lemaryn Louw, Vrydagaand by die Kroningsbal in die Stadsaal gevolg.

Me. Louw is op die Stellenbosse sosiale geleentheid van die jaar - bygewoon deur 350 gaste - deur Me. Suid-Afrika, Andrea Steltzer, gekroon.

Heather Morgan is as eerste prinses gekroon en Louise Kruger as tweede prinses.

Behalwe 'n vullende ete, wat deur die Virgo voorgesit is, het 'n modeparade deur al tien finaliste die kroning voorafgegaan. Die nuutste Foscinimodes - van speels tot chic - is vertoon.

Hilton Ross en sy orkes het vir die musiek gesorg. Die gaste is laat die aand - baie laat - tot buite die stadsaal gelei met 'n orkeslid soos 'n wafferse Pied Piper vooraan. Die partytjie is buite voortgesit.

Me. Louw het 'n vliegkaartjie na Luxemborg, verskaf deur Stellenbosch Reisburo, gewen. Sy het ook 'n goue hangertjie van Uwe Koeter-juweliers ontvang. Al 10 Finaliste het 'n geskenk van Trust Kem-apteek ontvang asook 'n geskenkbewys van Foschini.

# *Eikestad staan bont vir optog*

**Deur FRITZ BRAND**

STELLENBOSCH was Saterdag, 15 Februarie, nie Eikestad nie, maar Studentestad, Karnavalstad en Jollystad.

Sewentien vlotte – twaalf koshuis en vyf sosiaal – het om 9h15 in Du Toitstraat weggespring. Matie Gras is fees, Matie Gras is Matiefees en die koors is hoog!

Rukkerig het hulle in beweging gekom en toe is dit net rondspring, hoogspring en bontstaan, want geld, dié wil hulle hê. "Asseblief oom, dis vir USKOR, oom."

Diegene wat die kat eers uit die boom wou kyk het dit sommer vanaf balkonne, vensterbanke, dakke en torings gedoen. 'n Mooi uitsig het hulle beslis gehad, en ek bedoel mooi!

Die kennersoë sal ook met my saamstem. Eers was dit die tien Me. Matieland finaliste en toe die trompoppies – dié in maroon was Maties en dié in Geel van Goudini – maar wie gee tog nou daarvoor om.

Die optog is af met Birdstraat en toe op met Pleinstraat. Feestelik, sê ek jou, feestelik, met die Kaapse Klopse en al! Hoërskool Goudini se kadetorkes was ook daar en heel voor het Bishop Lavis Polisiekollege se orkes trompet loop en blaas.

Volgens prof. H.C. Viljoen, dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese en een van die beoordelaars, was die standaard van die vlotte deurgaans van 'n baie hoë gehalte. Daar was grotes en kleintjies, besonderes en gewones. Die vlotte was onder andere bulle met stiervegters in Spanje, 'n wit duif en selfs 'n pienk olifant. Daar was ook dié wat in verre Indië en China 'n draai loop maak het.

Links by Van Ryneveldstraat en regs by Victoriastraat, verby Wilgenhof en Admin. Toe is almal skielik versigtig vir watersakke. Niks gebeur nie en die vlotte kruip ongestoord voort.

Skud daardie blikkie, pappie, skud hom! Geld, geld – USKOR geld! Tannie, ek weet sommer jy wil 'n ou twintigsentjie in my blikkie gooi, né! Die voetgangers in die optog, of altans die blikkieskudders was iets om te geniet. Hansworse, roomyse, voëls, 'n Simba-leeu, Sjinese – noem maar op en hulle was daar.

Vanjaar was die eerste keer dat daar tydens die vlootoptog ook Akkerjolle of dan "Playbooi's" verkoop is. Dit het vanaf 'n Beefeater-bus geskied wat deur die sentrale karnavalkomitee beman is. Volgens mnr. David van der Westhuizen, een van die verspreiders, is dit 'n geleentheid wat meer benut kan word.

Af met Bosmanstraat op pad na die Ingenieursgebou waar daar afgebreek moet word. Die musiek op die vlotte – die nuutste op die trefferslys – is nog steeds oorverdowend, oordonderend, maar lekkerrr!

Die toeskouers was net veel minder en toe is alles skielik verby. Op navraag het mnr. Steyn van Niekerk, organiseerder van die optog, gesê dat hoewel die roete wat gevolg is korter as in die verlede was, dit die mees doeltreffendste was.


Die wenvlot van Majuba en Erica

# Classics turned into the bizarre at kermis

**WILLIAM BRYANT**

LOVELY LEGS, Down-Downs, Lovely legs, toutrek and Lovely legs lured the people to the traditional karnavalkermis on the Friday afternoon before karnaval.

By 2.30 Jan Rap and a couple of his mates had consumed three dozen ice creams from the Simonsberg-Heemstede stall.

By 2.43 Mariette Cronjé had won three dozen pairs of pantihose by courtesy of Cameo.

By 2.53 spastiek Piet had broken three dozen plates at the Huis Visser-Huis Div stall.

This sounds like a classic description of organisation, but that's not all.

At 2.40 Nadene de Klerk had won two dozen pairs of pantihose and is still wondering what to do with them (she only has seven elderly relatives).

At 3.40 the Heemstede toutrek team broke a sum total of two dozen manicured fingernails.

At 4.40 two dozen pairs of socks dropped to the ankles and two dozen black combs hit the dust.

This is where the classic turned into the bizarre.

Mariette Germishuys won only one dozen pairs of pantihose. The old lady who lives next door to Mariette laddered her funeral stockings a month ago so she accepted the black ones, but returned the orange pair.

Wilgenhof tried in vain to conform. (They nearly made a R12 profit from their stall).

Order collapsed at the Down-Downs. A member of the Sonop "drunken team" lost her hearing-aid when it was washed out of her earhole by a flood of draft beer.

In a similar way a Huis Div member lost her contact lenses.

Monica proved to be the only women's team to drink with any proficiency and will be entered into the 1986 Miss Beerbelly competition. (Rumours have it that the Irene team to be entered are already busy cheating).

The Kermis honours list is indeed impressive.

We congratulate the Harmonie toutrek team on winning their event and strongly advise them to go on a strict diet.

Elsenburg proved to be the best in the men's toutrek division and are proud of their achievement.

Furthermore, Libertas are to be congratulated on narrowly beating the famous Simonsberg Down-Down team to win that event.

Special mention must be made of all stall operators and the kermis convenors by whose hard work a record kermis profit was made.

Wonder women of the day were surely Irene who only needed an entire army (the strongest in Africa, nogal) to collect the biggest profit. The Irene-Military Academy team won the most Smoeg points at kermis.

Thus far only one complaint has been received with regard to kermis.

The former room-mate of Miss Lovely Legs of Nemesia is evidently upset on being forcibly removed from her room to make way for some three dozen pairs of pantihouse.

She now resides in the passage and is the chairlady of the Nemesia branch of the "STOP ALL FORCED REMOVALS NOW" campaign.



Mariëtte Cronje, Miss Lovely Legs, and her first princess, Nadene de Klerk, with their prizes.

## UITSLAE

**Smoeg:**

1. Eendrag en Minerva
2. Militêre Akademie en Irene
3. Helshoogte en Lydia

**Akkerjolle:**
Militêre Akademie en Irene

**Sierwaens:**
Majuba en Erica

**Motorkompetisie:**
Eendrag en Minerva

**Kermis:**
Militêre Akademie en Irene

**Karnavalmeesters en Debutantes:**
Eendrag en Minerva

**Vensterversierings:**
Serruria en Huis Marais

**Reklamesette:**
Militêre Akademie en Irene.

**Drummies:**
Nerina

## Beloning

*'N "MICKEY MOUSE"-kostuumkop ter waarde van R500 is tydens die vensterversierings by die vrouekoshuis, Minerva, gesteel.*

*Volgens mnr. Hein Brand, HK-lid vir karnaval van Eendrag, beskou hulle dit as "gewone studentepret." Die twee koshuise wil ook nie die betrokkenes krimineel vervolg nie.*

*Hulle bied 'n beloning van R50 aan vir enige inligting wat kan lei om die kop te vind.*

# Lyk ryk en "grênd" by "Day at Races"

DIT is weer tyd om jou "kisklere" uit te pak en reg te maak vir 'n dag by die perdewedrenne. Die tema van vanjaar se "Maties Day at the Races" is "Millionaires". Vir elke "arm" student is dit dié kans om 'n slag ryk en "grênd" te wees.

"Maties Day at the Races" vind op 8 Maart by die Milnerton-renbaan plaas. Die kaartjies is R6 elk en word reeds deur die huiskomiteelede van die koshuise versprei. Kaartjies kan ook vanaf 3 Maart in die loopgang en by die Karnavalkantoor gekoop word.

Vir diegene wat 'n bietjie moeite met hul miljoenêrsuitrustings wil doen, is daar groot pryse te wen. Juweliersware van R2 500 is op die spel. Daar sal ook pryse wees vir die bes geklede paartjie en 'n gelukkige nommer sal getrek word. Die juweliersware word deur me. Uwe Koetter geskénk.

Drankies en 'n buffetete sal in 'n markiestent bedien word, terwyl Musicultus vir ligte klassieke musiek sal sorg.

Daar sal sewe wedrenne wees waarin van Suid-Afrika se beste perde sal hardloop. Die trompoppies van US sal ook optree.

Die beoordelaars is Me. Matieland, me. Uwe Kotter, dr. Deon de Wet en Francé Rabe. Die eregaste word deur die Cape Turfklub onthaal.

Kay Kandy
Andringastraat 13
Stellenbosch
Tel. 76894
Die nuwe seisoen se katoen en Lycra Leotards het pas gearriveer in die mooiste kleure met bypassende span broekies teen
R3,50
Baaikostuums vanaf
R12,99

## *Rockmusiek ís goed vir jou*



Al lyk dit hóé sleg – dit kán goed wees. . .

WASHINGTON. – Rockmusiek ís goed vir studente en tieners. Dit was die bevinding van 'n Amerikaanse sielkundige in 'n verslag wat onlangs in 'n Amerikaanse mediese tydskrif verskyn het.

Terwyl die histerie van die Amerikaanse pseudo-moraliste (dit is nou die mense wat glo in 'n fundamentele reg om te lewe om hul anti-aborsie sentimente te staaf terwyl hulle terselfdertyd luidkeels "bomb Russia" vra) 'n nuwe emosionele hoogtepunt bereik het – hulle eis dat waarskuwingsetikette op plaatomslae aangebring moet word – het mnr. John Soppington, 'n sielkundige, bevind dat rockmusiek studente en tieners kan help.

"Rock art therapy", soos die behandeling vir emosioneel onstabiele jongmense bekendstaan, behels kortliks dat groepe soos Ozzy Ozborne en The Grateful Dead jou komplekse gevoelens help ontrafel. Mnr. Soppington waarsku dat die sogenaamde "X-rating" van 'n bepaalde plaat net die verkope daarvan sal opjaag, terwyl die probleem veel dieper lê.

Hy beweer dat musieksmaak op sigself belangrike aanduidings gee vir die behandeling van studente en tieners se emosionele en sielkundige probleme.

Die behandeling geskied met behulp van die betekenis wat aan lirieke geheg word en die gevoelens wat die musiek voorafgaan en deur die musiek opgewek word.

Mnr. Soppington het deur navorsing bevind dat musieksmaak met bepaalde probleemtipes korreleer.

So het "heavy metal"-aanhangers gewoonlik kommunikasieprobleme, "folk rock"-aanhangers is van hul ouers vervreem en "acid rockers" het onderdrukte gevoelens van intense depressie en woede.

Sou dit beteken dat Bucks Fizz-aanhangers almal sokkerboewe is, of dat pres. Reagan Stones luister voor slaaptyd?

## Opstokers kan voortaan geskors word

VOLKSRAAD (Kaapstad). — 'n Wetsontwerp wat voorsiening maak vir die skorsing van studente aan swart universiteite en technikons wat hul klasse boikot is in die tweedelesingsdebat goedgekeur.

Die Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, dr. Gerrit Viljoen, het tydens die debat gesê onrusstokers aan swart universiteite en technikons ontwrig jaarliks die opleiding van talle ander studente.

Die minister, wat tydens die Wysigingswetsontwerp op Universiteite en Technikons vir Swartes, Tersiêre Onderwys gepraat het, het gesê die "beroepsonrusstokers" word deur instansies van buite gefinansier.

Hy het gesê dit is noodsaaklik dat swart universiteite en technikons "tande gegee" moet word om doeltreffend teen onrusstokers op te tree.

Die PFP-LP vir Houghton, me. Helen Suzman, het die wetsontwerp as "uitlokkend" bestempel. Volgens haar kan dit verdere probleme by swart universiteite en technikons tot gevolg hê.

Die wetsontwerp is in die tweede lesing deur die Nasionale Party, die Nuwe Republiek Party, die Konserwatiewe Party en die Herstigte Nasionale Party gesteun, terwyl die Progressiewe Federale Party dit teengestaan het.

# Tutu, Boesak, Gerwel teen Coke-fonds

KAAPSTAD. — 'n Trustfonds wat deur die Coca-Cola-maatskappy vir die bevordering van swart onderwys in Suid-Afrika ingestel is, is deur biskop Desmond Tutu, prof. Jakes Gerwel en dr. Allan Boesak verwerp.

Hulle dring daarop aan dat die maatskappy openlike steun aan die ANC verleen en disinvestering teen Suid-Afrika bepleit, voor hulle die trustfonds goedkeur.

Die hoofminister van KwaZulu, kaptein Mangosuthu Buthelezi, het dié inligting in Bonn, Wes-Duitsland, bekendgemaak.

Die Minister van Finansies, mnr. Barend du Plessis, het die standpunt van prof. Gerwel, dr. Boesak en biskop Tutu skerp gekritiseer.

Dit is verstommend dat enigiemand wat iets weet van die werklike behoeftes van swart onderwys en deur sy persoonlike toedoen 'n bydrae van R25 miljoen vir onderwys kan blokkeer, terselfdertyd 'n standpunt ten gunste van disinvestering inneem, het hy gesê.

Kaptein Buthelezi, wat Wes-Duitsland tans besoek, het volgens Sapa 'n memorandum getoon wat biskop Tutu, Anglikaanse biskop van Johannesburg, dr. Allan Boesak, leraar van die NG-sendingkerk in Bellville-Suid, en prof. Jakes Gerwel, aangewese rektor van die UWK, aan die uitvoerende hoof van Coca-Cola gestuur het.

Die memorandum lui dat "die betrokkenheid van enige leier van 'n nasionale staat of van iemand van 'n organisasie met amptelike bande met enige nasionale staat het, sal meebring dat ons nie deelneem nie."

Die drie dring daarop aan dat Coca-Cola dreig om sy sakebelange aan Suid-Afrika te onttrek, tensy die regering "binne 'n voorgeskrewe tyd" daadwerklike stappe doen om verandering te bewerkstellig.

Volgens kaptein Buthelezi wil biskop Tutu, dr. Boesak en prof. Gerwel die voorgestelde onderwysbedeling as politieke instrument teen hom inspan.



Prof. Jakes Gerwel, aangewese rektor van die UWK, wat hom teen die Coca-Cola-trustfonds uitgelaat het.

LAASTE TWEE WEKE!

MANSHEMDE R15, R20, R25
MANSBROEKE ALLES R20

ALLES DAMES KLERE R10, R15
R20, R25



John & Joni

REG! SIEN JOU DAAR . . .
DIT SAL **BESLIS** DIE MOEITE WERD WEES.

# INTER-BROKKIES

## Tuks-beurse vergroot

PRETORIA. — 'n Nuwe beursskema by die Universiteit van Pretoria sal volgens 'n woordvoerder groot besparings vir ouers met meer as een kind op universiteit meebring.

Gesinne met twee kinders op Tukkies, sal 'n korting van tien persent op klas- en losiesgelde ontvang. Gesinne met drie of meer kinders sal volgens die nuwe skema, wat van jaar van toepassing geword het, 'n korting van 20 persent ontvang.

Dié verbeterde gesinsbeurse is deel van 'n beurs- en leningskema waarvolgens die universiteit vanjaar sowat R3,2 miljoen aan verdienstelike studente toeken.

Die skema bring ook mee dat matrikulante en studente wat vir prestasiebeurse in aanmerking kom, nou tot R3 000 kan ontvang, teenoor die maksimum van R1 200 wat tot verlede jaar toegeken is.

## Housing needs at UWC

BELLVILLE.– The University of the Western Cape has appealed to residents living near the campus to offer rooms to students.

Last year UWC embarked on a programme to build four hostels which will house 1600 students. The first hostel, completed last year, has already been filled.

Students requiring accommodation come from as far as Namibia. They are unfamiliar with the city and would need rooms reasonably close to the campus, a university spokesman said.

## Studente gevonnis

SOVENGA. – Vier studente van die Universiteit van die Noorde is elk tot twee jaar gevangenisstraf gevonnis nadat hulle op 'n aanklag van intimidasie skuldig bevind is.

Dit volg na 'n voorval verlede jaar toe dié studente prof. Paul van Warmelo, hoof van die departement privaatreg aan die universiteit, met swaelsuur gegooi het.

Hulle is daaraan skuldig bevind dat hulle prof. Van Warmelo en prof. H. Muller geïntimideer het in 'n poging om prof. Van Warmelo te dwing om hom as dosent te onttrek.

Die studente het ook verskyn op alternatiewe aanklagte van openbare geweld, aanranding met die opset om ernstig te beseer en opsetlike saakbeskadiging.

Prof. Van Warmelo is intussen as dosent onttrek en doen tans navorsing aan dié universiteit.

## Smokkel skaad druiwe

VENDA. — Die insmokkel van wingerdmateriaal soos Chardonnay is uiters gevaarlik deurdat plae en siektes wat só die land binnekom, die hele wingerdbedryf kan knou.

Volgens prof. J. C. Aucamp, hoof van die departement van geskiedenis aan die Universiteit van Venda, het die insmokkel van wingerdmateriaal ongeveer 'n honderd jaar gelede die Kaapkolonie se wynbedryf bykans geruïneer. Dit het sowat 25 jaar geneem voor die wynbedryf weer herstel het.

Volgens prof. Aucamp staar dieselfde probleem die wynbedryf in die gesig indien wingerdmateriaal wat die land ingebring word, nie doeltreffend beheer word nie.

## Boycott lifted

PRETORIA. – Students at the Medical University of Southern Africa (Medunsa) have called off their boycott of lectures after the university's six white students gave in to pressure by deciding to leave the campus.

Medunsa students began class boycotts in protest against the admission of white students.

The decision by the white students to withdraw their registration came after black students had vowed to continue with their class boycott until the six whites were asked to leave.

Despite this, the senate of the university has reaffirmed its support for the policy of the council of Medunsa that students would be admitted on a non-racial basis.

## Jews Against Apartheid

CAPE TOWN. – About a 100 young Jewish activists – mainly students at the University of Cape Town – have launched a group to challenge the city's Jewish community to "stand up and be counted in the struggle for justice and democracy".

## Calculator show at UCT

CAPE TOWN. – A calculator and computer show was held at Jamieson Hall, University of Cape Town, on Tuesday and Wednesday.

The full range of calculators available on the South African market was exhibited, along with products from major computer companies. Consultants from each company was at hand to answer questions about calculators.

"We held the exhibition to help the student or department head make a choice of the calculator he or she will be needing over the next few years," an organiser of the exhibition said.

## Court rules on death

PAARL. — The death of a University of Western Cape law student shot by police in unrest in Paarl last year was not caused by any criminal action or omission, an inquest court found.

Mr Adri Faas (18) had apparently died of brain damage resulting from a gunshot wound.

Magistrate J.H.A. Rossouw found in the Paarl Magistrate's Court that lt-col W. Oosthuizen, of the Paarl Police, had not committed a crime in firing on Mr Faas on August 28 last year.

# Editor speaks on press freedom

**CAPE TOWN. — The freedom of the press is the freedom of the individual, the editor of the Cape Times, Mr Tony Heard, told first year students at the University of Cape Town during their orientation week.**

**"There should really be no talk of press freedom, for it is not the freedom of the press but the freedom of the individual to open his or her eyes and to speak his or her mind which is at stake".**

**"If newspaper people are detained, moved off, warned, threatened, firebombed, whipped, charged, and so on, it might be quite an ordeal for the individuals concerned, but the essential injury is to the masses of people whose elementary right to know is at stake", Mr Heard said.**

**He said the fact that he was charged for quoting a banned person "was not in any sense extraordinary, but should be viewed as routine in the annals of independant journalism."**

# Students expelled – boycott threat

MMABATHO. – The Bophuthatswana government's action against university students and staff could lead to a campus boycott when term begins at the end of February.

Ten university staff members were deported at the beginning of February.

And now, 36 students, including the entire SRC, are to be refused admission to the university in terms of the territory's Internal Security Act.

### Boycotts

Some of the expelled staff said in a statement yesterday that the expulsions "are likely to lead to continued unrest among students this year. Futher boycotts cannot be ruled out."

One student, who asked not to be named for fear of victimization, pointed out that the barring of one person last year had lead to a student boycott.

"If any lecturer or student is expelled now, the students won't come back," he said.

In their statement, the group of expelled staff members accused the Bophuthatswana government of resorting to "cowardly intimidation.

"We have been given no reasons for our expulsion, we do not know what we are supposed to have done wrong, and therefore are not able to defend ourselves. No staff, present or future, will ever feel secure again."

Attempts to get the government and university administration to respond to these charges were unsuccessful.

The minister of Internal Affairs, who issued the deportation orders, was not availible for comment. His private secretary said: "Here in the department, we don't know anything. We have no information. You must phone the university."

At the university, neither the vice-chancellor, Professor J. Makhene, nor his various registrars, were available for comment.

The campus crisis has been simmering since October when the university was closed down by President Lucas Mangope while a prayer meeting was held on campus.

Mangope subsequently agreed to reopen the university on condition that certain individuals were dismissed.



President MANGOPE

# Onwettige kopiëring vasgevat

JOHANNESBURG. — Studente wat weens die hoë boekpryse handboeke volledig kopieer kan met die gereg bots ná boekverkopers gedreig het om teen studente wat kopiereg skend, op te tree.

Boekverkope het sedert Kersfees verlede jaar ingrypend gedaal en die Verenigde Boekverkope van Suid-Afrika probeer maniere vind om te verhoed dat nog minder boeke weens kopiëring verkoop word.

Volgens die voorsitter van die organisasie, mnr. Eckhard Oellermann, is oorsese uitgewers bewus dat hulle kopiereg in Suid-Afrika geskend word, berig Sapa.

Hy het gesê iemand kan binnekort in Suid-Afrika aangekla word om as voorbeeld vir ander skenders van kopiereg te dien.

Mnr. Oellermann het gesê die daling in boekverkope kan toegeskryf word aan hoë pryse weens die heffing van bo-belasting en verkoopbelasting.

Boekhandelaars trek al sedert 1977, toe bo-belasting van 15 persent vir die eerste keer ingestel is, noustrop, het hy gesê. Bo-belasting is geleidelik verminder totdat dit uiteindelik verdwyn het, maar dit is in September verlede jaar weer ingestel.

"'n Student mag volgens wet vir akademiese doeleindes een kopie van 'n redelike deel van 'n boek maak. Op die fotostaatmasjiene in ons biblioteek is duidelike kennisgewings oor kopiereg, maar 'n mens kan nie kontroleer wat elke student kopieer nie," het hy gesê.

Prof. Aucamp het ook gesê die heffing van bo-belasting en verkoopsbelasting op boeke plaas die kennis wat in boekvorm die land binnekom, buite bereik van baie mense. Daarom sal die afskaffing van dié belastings, en die gepaardgaande verlaging in boekpryse, 'n sinvolle stap wees.

Mnr. Paul Hardingham, voorsitter van die Overseas Publishers Representatives Association, het gesê die kopiëring van boeke is "net 'n korttermynantwoord op hoë boekpryse."

"Op die langtermyn is dit tot almal se nadeel. Die skrywers en uitgewers bestee baie tyd om 'n teksboek uit te gee."

# Bruines by RAU uit huise gesit

JOHANNESBURG. – Studente aan die Randse Afrikaanse Universiteit gaan nie meer in die bruin woonbuurt Westbury woon ná hulle met die dood gedreig is nie.

Twaalf huise is deur die Johannesburgse stadsraad vir die studente opsygesit maar daar is van die plan afgesien. Die studente sal nou moontlik losies op die RAU-kampus kry.

Mnr. Koos Roets, woordvoerder van die universiteit, het ontken dat bruin studente op die kampus gehuisves gaan word. "Dit sou teen die universiteitsraad se besluit wees," het hy gesê. Hy het gesê "die universiteit stel ondersoek in," maar hy wou nie verder kommentaar lewer nie.

Volgens mnr. Elvis Daniels, sekretaris van die Westbury Residents Action Committee (WRAC), gaan die polemiek nie om die feit dat die studente aan die RAU studeer nie.

Volgens hom voel die inwoners dit is onregverdig dat huise wat aan inwoners toegeken is nou aan studente gegee word.

# Kovsies oopgestel vir alle rasse

BLOEMFONTEIN. – Gekleurde studente kan vir die eerste keer voorgraadse kursusse aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat volg, maar slegs 'n beperkte getal studente sal kan inskryf.

Dit volg ná die universiteitsraad van die UOVS verlede jaar besluit het



Prof. MOUTON

dat gekleurde studente van vanjaar toegelaat mag word om vir 'n voorgraadse kursus in te skryf.

Die besluit om die bepalings oor die toelating van gekleurde studente te verbreed is deur die raad self voorgestel. Hierdie stap het gevolg op 'n versoë vir die oopstelling van die universiteit deur leiers van die bruin gemeenskap.

Hoewel nagraadse studente al tien jaar aan die UOVS toegelaat word, was daar verlede jaar geen gekleurde student wat vir 'n nagraadse kursus ingeskryf het nie. Dit het die raad laat besluit om die toelatingsregulasie uit te brei om meer gekleurdes te akkommodeer.

Vroeër kon gekleurde studente aan die UOVS slegs vir kursusse inskryf wat nie by hulle "eie universiteite" aangebied word nie. Hulle kon net argitektuur- en boubestuurkursusse volg.

Elke aansoek sal afsonderlik hanteer word en "daar sal met groot omsigtigheid gewaak word oor die aard en karakter van die UOVS," het die rektor, prof. Wynand Mouton, gesê.

Mnr. Percy Murison, voorsitter van die Vrystaatse Onderwysersunie, meen dat die tyd ryp was vir só 'n besluit. Dit sal verhoudinge en gesindhede tussen die bevolkingsgroepe verbeter, het hy gesê.




# Much drama at Simonsberg Met

FOR twenty-five years Simonsberg has held a premier social event on campus. This event, the Simonsberg Met, was initially created from little more than a great deal of hostel spirit.

In the words of dr J.P. du Plessis, the honorary President of the Simon Turf Club, "the Met offers the opportunity for each Simonsberger to contribute to the image of the residence" and furthermore, that "this image is portrayed to a large extent by die Met."

The Met has now become a tradition and its unique atmosphere attracts large numbers of students as well as outsiders each year.

Thus it was a grand moment last Friday afternoon when the Simonsberg Silver Jubilee Metropolitan began. Simonsberg was able to boast its remarkable spirit in this way for the twenty-fifth time.

The Ms Met finalists, their partners and members of the Simon Turf Club arrived in Met style driven by Met chauffeurs. They were protected by Met Security, received by Met waiters and served with chilled champagne in the true Met tradition.

This ambiance was broken momentarily when a breeze lifted up an umbrella and table to spill a number of glasses of good champagne onto the lap of one unfortunate Mariette Geldenhys, a ms Met finalist.

However, all was soon back to normal and the breeze forgiven for its wastefulness.

Things became louder and more active once the bookmakers had begun their bid. It soon became evident, however, that one bookmaker of "J'nS"; the only survivors of the Challenger", had passed out with all the excitement.

All was well once a replacement had dressed himself in the tired fellow's Father Christmas suit. Rivalry then began between the two Father Xmas' of "J'nS" and the bookmakers of "Ya Na Mao" dealers. (Ya Na Mao is Greek to most, but to those proficient in languages, astonishing.)

There was drama in the third race when a horse collapsed. The Met Vet arrived speedily to attend to the ailing horse. The horse was loaded into the Met Vet vehicle and due to the urgency of the matter the operation began immediately.

The carcass of the horse in question was strewn piece by piece around the course in a bloody fashion.

When the races, dramas, and shows were over, guest-of-honour Mr John Villet crowned Miss Annemarie Smit as Ms Met 1986. Her two princesses were Miss Melinda le Roux and Miss Ilse Vlok.




Ms Annemarie Smit, Ms Met 1986, and her two princesses, Ms Melinda le Roux and Ms Ilse Vlok.

**VERENIGINGSWEEK-UITSTALLING**

**Plek: Gat LSS**

**Datum: 3–7 Maart**

Die uitstalling open amptelik op Dinsdag 4 Maart.

Verenigingsvoorsitters kan reeds Maandag om 16h00 hul uitstallings kom behartig.

# Pryse styg in Neelsie

DIE euwel van stygende pryse het ook sy kop in die Neelsie uitgesteek.

Voortaan sal studente 'n paar sent meer moet opdok vir 'n koppie lafenis en ook vir daardie altyd gewilde en half verslawende Matieburgers en Toppers.

Miskien moet mens liewer nie kla nie, want al is die Neelsie nou 'n bietjie duurder hoef jy steeds nie jou hand so diep in jou sak te steek as by die meeste ander eetplekke in die dorp nie.

Koffie het, soos wat vorige jare ook maar die geval was, met vyf sent gestyg en dit kos nou 35 sent. 'n Topper kos nou 95c, terwyl Matieburgers nou R1,25 kos. Enkele van die ander geregte se pryse is ook verhoog.

# Aardighede by vensters trek

DONDERDAG 13 Februarie, was al wat leef en beef in Stellenbosch se strate. Groepies mense het opgewonde staan en gesels, want – dis Karnaval! Meer nog – dis venstersversierings!

Die karnavaltema, Matie Gras, het 'n uitdaging aan koshuispare gestel om 'n feestelike atmosfeer te skep. Sommige koshuise het uitstekend hierin geslaag.

Op die maat van musiek is daar geloop van 'n Halloween-nag na 'n bierfees; na Swart Afrika, China en Asterix. Laasgenoemde het uitgeblink met hul puik woordspelings

By die "Transsexual Festival" steek mens onwillekeurig vas. Eers "dans" jy in die agterbanke op 'n vriend se skouers, maar later wurm jy tot voor om beter te kan sien.

'n Prettige aand word toe met 'n wyntjie afgespoel. Terug by die koshuis belewe die aand sy laaste stuiptrekkings waar ongeorganiseerde danse in sokkies verander het.



"Transexual?"

# *Mosfees misluk byna weens reën*

DIE Mosfees wat Saterdag, 22 Februarie, op die wynlandgoed Oude Nektar gehou is, het byna as gevolg van reën misluk. Improvisasie het dit egter gered.

Die inkomste uit die mosfees het vir USKOR gegaan.

Debutante Sandra van Tonder, wat die fees gereël het, kon kwalik 'n beter plek gekies het om dit te hou. Die plaas in die Jonkershoekvallei en die proelokaal tussen die wingerde het bygedra tot die rustige atmosfeer.

Voordat die reën uitgesak het, het die mense voor die proelokaal op die gras gesit. Benewens die mos wat geproe moes word kon die gaste ook tuisgebakte brood en mosbeskuit koop.

Toe dit begin reën het, het heelwat mense besluit om te vertrek. Die bittereinders het die proelokaal betrek en die fees daar voortgesit.

Eers was daar kaart gespeel en teen die mure rondgesit, maar die mos en musiek kombinasie het baie gou die mense aan die dans gehad.

Die reën het glad nie die gees gedemp nie en lank na die reën bedaar het was die partytjie steeds aan die gang.



# Maties praat wél met ANC

DIE ANC is in voeling met die binnelandse situasie in Suid-Afrika. Daarom is hulle 'n mag om mee rekening te hou.

Dit is die gevolgtrekking waartoe een van die vyf Maties wat verlede jaar toonaangewende politieke figure van die ANC in Harare ontmoet het, kom.

Volgens mnr. Ian Liebenberg, 'n meester-student in staatsleer was daar 'n oop agenda en het hulle vier onderwerpe aangeraak: geweld en die eskalasie daarvan, skoolboikotte, blanke vrese en godsdiensvryheid.

Mnre. Liebenberg en Ernst Conradie en mee. Lizl Kruger, Monique Kade en Susan Heymans was lede van 'n groep studente wat 'n ekumeniese toer na Zimbabwe onderneem het. Hulle het as waarnemers die noodsitting van die Wêreldraad van Kerke rakende Suid-Afrika in Harare bygewoon.

Afvaardigings van die ANC en PAC was ook by die noodsitting teenwoordig. Volgens mnr. Liebenberg het 'n lid van die ANC die Suid-Afrikaanse groep uitgenooi om met hulle gesprek te voer. Nadat twee lede van die groep hul onttrek het, het hulle samesprekinge gehou.

Die ANC-lede het hulle standpunt rakende geweld herbevestig. Hulle sien apartheid as strukturele geweld en hulleself as mense wat teengeweld gebruik, het mnr. Liebenberg gesê. Burgerlike teikens word nie spesifiek aangeval nie maar in 'n eskalasie van geweld word soos in 'n oorlogsituasie burgerlikes getref.

Mnr. Liebenberg het gesê hy het onder die indruk gekom dat die ANC bekommerd is dat geweld in die swart woongebiede mag handuitruk.

"Die ANC is in 'n groot mate in voeling met die situasie binnelands, en sal mee rekening gehou moet word," het hy gesê.

Aangaande godsdiensvryheid en die Afrikaner-identiteit het die ANC volgens mnr. Liebenberg die standpunte in die "Freedom Charter" herbevestig. "Hulle ignoreer nie die uitlewing van verskillende kultuurgroepe se belange nie."

Die ANC-lede het, volgens mnr. Liebenberg, nie eksplisiet of implisiet hulle steun of afkeer ten opsigte van skoolboikotte gegee nie. "Ons het konsensus bereik dat 'liberation before education' op die langtermyn nadelig is."

# Gemengde koshuis kom dalk in '87

STELLENBOSCH se eerste veelrassige koshuis, wat in Hammanshandweg gebou gaan word, sal reeds aanstaande jaar bewoon word.

Die koshuis, wat gefinansier word deur 'n skenking van R1 miljoen van die Gold Fields Foundation, sal voorkeur bied aan bruin-, swart- en Asiërstudente.

'n Behoefte aan verdere woonplek het hierdie jaar dringender geword. Die getal bruin voorgraadse studente het vanjaar byna verdubbel weens 'n aanpassing in toelatingsvereistes.

Die studente sal in die nuwe Gold Fields-kompleks woon om dié probleem te oorbrug, het die rektor, prof. Mike de Vries, gesê.

"Die nuwe kompleks sal aan die Universiteit ruim geleentheid bied om sy opvoedingspektrum te verbreed en sal ook gelyke geleenthede tot studie en deelname aan Universiteitsbedrywighede vir al sy studente, ongeag ras, kleur of geloof bied. Inwoning op die kampus bevorder vollediger deelname aan die bedrywighede van die studentegemeenskap" het prof. De Vries gesê.

Agt modules gaan met die skenking opgerig word. 'n Module sal uit twee eenhede bestaan wat op twee vlakke gebou word. Elkeen sal sy eie sitkamer, kombuis en toiletgeriewe hê.

Elke eenheid sal ses studente huisves. Die modules sal só gerangskik word dat hulle 'n vierkant vorm. Hulle is ook ontwerp om met die omgewing saam te smelt.

Die bouwerk sal aan die einde van Maart begin en na verwagting vroeg in Desember voltooi wees. Studente sal reeds aan die begin van aanstaande jaar daar kan intrek.



'n Skaalmodel van die nuwe koshuis wat teen 'n geraamde koste van R1 miljoen in Hammanshandweg opgerig gaan word.

# SR-voorsitter nou téén heraffiliasie by ASB

'N MOSIE teen 'n referendum oor heraffiliasie met die Afrikaanse Studentebond (ASB) gaan op vanaand se SP-vergadering deur mnre. Johan Olivier, SR-lid vir Publikasies en SPOG, en Phillip Verster, SR-voorsitter voorgestel word.

Toe ASB-heraffiliasie in Augustus verlede jaar op die voorgrond was, het mnr. Verster sterk ten gunste daarvan standpunt ingeneem.

Volgens hom was die bepalende faktor in sy verandering van opinie 'n besluit wat die ASB-hoofbestuur aan die einde van verlede jaar oor die organisasie se politieke rol geneem het. "Daar is onder sterk druk van Potchefstroom en Pretoria besluit dat die ASB in die vervolg hom van enige politieke bespreking gaan weerhou. Dit sal dus in die toekoms bloot 'n kulturele organisasie wees," het hy gesê.

Mnr. Verster het gesê hy glo dat 'n studente-organisasie soos die ASB beslis politiek behoort te bespreek. As Stellenbosch dus nou affilieer sal dit die indruk skep dat die US met die onlangse besluit saamstem.

Een van die argumente ten gunste van heraffiliasie was die feit dat die US geïsoleerd is van die ander kampusse. Hieroor het mnr. Verster gesê dat Stellenbosch nie net polities geïsoleerd is nie, maar ook wat afstand betref. Vir bloot kulturele sake sal dit volgens hom dus nie die moeite werd wees om by die ASB aan te sluit nie. Mnr. Verster het dit duidelik gestel dat hy nie glo dat enige skakel met die ASB sinneloos is nie, maar hy dink dat vir kulturele sake, skakeling met die ASB deur middel van die Afrikaanse Studente Vereniging van Stellenbosch (ASVS) voldoende is.

Die ASB en Stellenbosch kan slegs op politieke gebied vir mekaar genoeg beteken om heraffiliasie te regverdig. Volgens mnr. Verster sal 'n referendum oor heraffiliasie dus tyd- en geldmors wees.

# USAT has large debts

THE University of Stellenbosch Amateur Theatre Society (USAT) has built up large debts, according to the present treasurer, mr. Daan Mostert.

The Student Court will convene this week to give judgement on the matter.

Mr. Mostert said that the main cause of the debts was the loan of R3 500 from Volkskas at an interest rate of 26 %.

The tour was organised by mr. Marinus von Ravenstein and ms. Rosa Theron, the previous chairperson of USAT. According to mr. Mostert, it was a "grotesque financial disaster."

Mr. Mostert said that the present committee, had inherited the debt from the previous year and that "no society can achieve its aims if it has to operate with such a financial burden around its neck."

The Student Court will have to decide who is responsible for the debts. The SRC also had a commission of inquiry into the debts, finding that the SRC had not given permission for the loan, but mr. Mostert said that he and USAT chairlady, ms. Jacquie Myburgh, were impressed with the "simpathetic attitude of the SRC towards USAT's debts."

He also stressed that USAT had improved their internal financial control regarding use of the telephone, keys for the office, signing rights on cheques and other small financial measures, and that they were working closely with Volkskas, the SRC and Administration to solve the problem.

Last year USAT staged "The night of January 16th" to help pay the debts, but said mr. Mostert, "the money was consumed by the interest rate." A "Rocky Horror" party is also being planned for March to raise funds.

Mr. Mostert said "the commitee of USAT are doing their utmost to cancel their financial debts, and to allow all students to share in the enjoyment that USAT's activities offer. He also urged students to join USAT.

# Oorvol LSS bly probleem

VOLGENS mnr. Jan Treurnicht, bestuurder van die LSS, word klagtes oor die diens in die Neelsie dringend ondersoek.

Veranderinge sal moontlik in April en in Junie aangebring word om bediening te versnel.

Die veranderinge sou reeds in Junie verlede jaar aangebring gewees het. Dit is deur deur die vorige SR-lid vir LSS, mnr. Francios Sieberhagen in 'n berig verlede jaar in DIE MATIE bevestig.

Mnr. Roos van die beplanningsafdeling van die universiteit het dit ontken. Hy het aangevoer dat hy op daardie stadium gesê het dat die veranderinge vanjaar gedurende Junie aangebring sal word.

Die SR-lid vir die LSS, me. Margot Lochrenberg, het reeds verlede jaar daarop aangedring dat veranderinge aangebring word. "Dit is vir my onverstaanbaar en onaanvaarbaar dat daar so lank gesloer is met só 'n noodsaaklike diens vir studente," het sy gesê.

Mnr. Philip Verster, voorsitter van die Studenteraad, het gesê hy besef daar is praktiese probleme aan die verandering verbonde, maar dat die situasie nou dringende aandag moet geniet.

Mnr Verster voel dat die veranderinge nog nie aangebring is nie omdat die ASB kongreslede verlede jaar gedurende die Junie-vakansie in die Neelsie onthaal is.

Me. Lochrenberg het gesê dat daar gedurende November verlede jaar 'n noodvergadering gehou is om die saak te bespreek. Sy was daarna onder die indruk dat dit gedurende die Desember-vakansie gedoen sou word.

Mnr. Roos het gesê weens die bouersvakansie vanaf 14 Desember tot 14 Januarie was dit buite die kwessie om dit gedurende Desember te doen.

Die veranderinge behoort om en by 2 maande te duur. Dit behels die omruiling van die kits- en warmgedeeltes. By elkeen sal daar nou twee ingange en vier betaalpunte wees.

Volgens mnr. Roos sal 'n kiosk wat koffie en sigarette verskaf, moontlik in April opgerig word. In Junie sal die warmete- en kitsgedeelte omgeruil word en met ekstra kasregisters toegerus word.

Koffie-eilande sal ook aangebring word om die druk by die kos-areas te verminder. Die huidige kits-area sal uitgebrei word, wat beteken dat ses banke verwyder moet word.

Volgens mnr. Treurnicht is "Die planne reeds goedgekeur en die fondse beskikbaar."

Daar word gesoek na 'n
**TOERLEIER**
vir die 1986-Desember Matie-toer na Europa. Aansoeke voor 5 Maart asb.
Indien u sou belangstel, stuur asb. u aansoek aan:
**Die Voorsitter, Studentebelangekomitee, SR-kantore, L.S.S.**



## L'ART L'ART

Jerry Kosinski was born in Poland, his father a scholar of ancient linguistics, his mother a pianist.

When he was six, all but two of his once distinguished family were lost in the holocaust of World War II.

Abandoned, he fled alone from village to village in Nazi-occupied Eastern Europe, working as a farmhand.

At the age of nine he lost power of speech in a traumatic confrontation with an angry peasant mob.

He was unable to talk for longer than five years, and was placed in a school for the handicapped. While on holiday, he regained his voice in a skiing accident and promptly worked his way through high school.

During his studies at the state-controlled Stalinist university he was suspended twice for his rejection of the official Marxist doctrine. While doing his Ph D in social psychology, he rose rapidly to become an associate professor of the Academy of Sciences, the state's highest research institution.

Meanwhile he secretly plotted his escape. He created four distinguished – but fictitious – members of the Academy of Sciences. As a member of the Academy's inner circle Kosinski had access to state printing plants, and was able to furnish each "academician" with the appropriate official seals, rubber stamps and stationary.

After two years of active correspondence between his "sponsors" and various government agencies, Kosinski obtained an official passport allowing him to visit the United States under the auspices of an equally fictitious American foundation.

Waiting for his American visa, expecting to be arrested at any moment, Kosinski carried a foil-wrapped egg filled with cyanide around with him in his pocket.

His plan worked. In 1957, when he was 24, he arrived in New York with only a rudimentary knowledge of English.

His first work of fiction *The Painted Bird* he called a "gift to my new world". It won the French Best Foreign Book Award.

His following books – *Being There, Blind Date* and *Passion Play*, all inspired by particular events in his life, have won him a large following as well as official recognition.

He adapted his novel *Being There* for the screen, and was awarded the Writer's Guild of America Best Screenplay of the Year Award.

Kosinski has said that "writing fiction is the essence of my life – whatever I do revolves around a constant thought: could I – should I – can I – would I – use this in my next novel?"



Jennifer Ferguson: on stage her movements are sometimes sensual, and sometimes it seems as if she doesn't care a damn about her audience.

# *Karnaval-kabaret laat heilige koeie struikel*

Die karnaval-etensuurkonsert van 19 Februarie was een van die hoogtepunte van vanjaar se fondsinsamelingsinisiatief.

Casper de Vries in kabaret is en bly 'n treffer. Dit blyk uit meer as die bywoningsgetalle en luide begroeting wanneer Casper op die verhoog verskyn.

Hy tref elke teer, skewe en snaakse punt met sy skerp kommentaar op die hier en nou. Woensdag nog meer as tevore, toe hy sy visier op Stellenbosch gedraai het. Verbeel jou! Gradedag voorgestel onder begeleiding van "Eendjies, eendjies stap in 'n ry."

Dit is Casper. Skerp en slim soos sy lirieke banale verbande uitlig. Hy wys daarop dat die Matie Gras-karnavaloptog iets met 'n daggarokery te doen moes hê, as mens op die oog af geoordeel het. Hy herinner ons dat die Ontugwet afgeskaf is, wy uit oor kabaret, Bruant en Rusland ("Op die plek, Boer!") en bly bowenal nie stil oor die kanselier nie, in watter hoedanigheid hy ook voorgestel word.

Stellenbosch se kabaret het 'n snotneus-knaap gekry wat voorbarig genoeg is om lyne tussen homself en Bruant, die vader van kabaret, te trek. Hy is nie ver van die punt af nie. Ek sê mos, hy's 'n treffer.

MARTLI VISSER

## JENNIFER FERGUSON

# Trying to express an old reality

They told me that Jennifer Ferguson looks like an Edwardian woman who would arrange blue hydrangea's in crystal vases with cool hands.

They told me she sings wonderously, like an angel on a city balcony. Then expect her to disturb you with some aching, restless cries.

In *Suburban Hum* and *The best things in life come free*, songs that she has written herself, she sings about blank, bourgeois preoccupations: "She's waiting in the city for her climax", yet in between the Sunday afternoon plum-trees lies something threatening, something that might be too awful to ignore. "She's waiting in the city for the revolution, but she still thinks the best things in life come free."

"Angst has to be expressed. That is what I tried with *Suburban Hum*. The slow city hum I knew so well. The lawnmower humming. That numb back-garden feeling. There is lot's happening in Transvaal backyards. Peaches being eaten by worms."

She sings songs by Bertholt Brecht ("Pirate Jenny is mean – she's my mother, working so hard"), and inevitably this conjures up German pre-war cabaret.

"The population was blind to what was happening, as are the majority of whites in South Africa.

In paralysed, angst-ridden Germany, artists were active; intellectuals were active. In South Africa artists are divided, and there are no venues. Often the management censors the show, because they are so worried about what the clientele is going to think.

There is certainly an ambivalent feeling toward men. She sings a song entitled *I am sorry* (Ina sê goodbye vir Gerrie). Ina Stoop has decided to finally kick Gerrie out of her flat.

"Take your sixty-one Pierre de Charmoy tapes, take your rubber hose and your plastic duck – you're moving out."

Although Jennifer Ferguson does mock men (and women), she would not label herself a feminist. "I am a person struggling for my own freedom, and I know a lot of women are struggling for theirs. And if this involves shoving some men on the shins and/or a few other places, that's fine."

In July Jennifer Ferguson is going to Munich to appear in a festival of contemporary music.

"I told myself: 'When I am twenty-five I want to go overseas.' I am just going to look around, expose myself to other cultures. I don't really know what it will be like." She is going for an indefinite period, and might stay, or might come back.

"A girl came up to me before the show and asked me to dedicate a song to her friend that was detained for two months. I tried to explain to her in a very rambling, inarticulate way that I could only sing about my reality. Then I realised that I had been in prison and had done a forty-five minute monologue in a white cell. But that was a play. Afterwards we had drinks in the bar, and I got a nomination. Some of us get nominated for twenty years.

The only thing a white artist can do is to try and express their reality as honestly as possible, and sometimes this does involve feeling a taste of freedom, which is a very exciting thing, and one that we need to concentrate on."

Jennifer Ferguson will crumble your silk corsages, and she will laugh at your rotting peach-trees. And she does it so well.

KARLIEN VAN DEN BEUKEL

## 33 1/3 RPM Side 1 33 1/3

ALL OF AULD: AN INTERVIEW WITH ROBIN AULD

"Interesting things are happening in local music," says Robin Auld. He gazes at me with a steady, unwavering glance. His face glistens with sweat like a rock under a waterfall. He seems slightly run down yet unwithered after the strenuous concert. "South African music now reflects local feelings rather than blindly following overseas trends. I believe we're getting to the point that Australian bands reached six years ago, when they had those international breakthroughs . . ." He rests his chin in the palm of his hand. "Things are finally looking up . . ."

The bouncer at the door gives me a suspicious looking over before he lets me in. Once inside, I pick my way across the vast expanse of the Drie Gewels dance floor to the stage, where Robin Auld and Z-Astaire are playing. The cold concrete floor is covered with black soot, presumably to lubricate the motions of horizontal dancing – breakdancing in this venue is obviously a no-no.

"Live Aid? Incredible! It confirms the power of rock: something which can save lives, influence thought." Auld shifts around in his chair. Excitement galvanizes him until his eyes seem to glow like blue lazers. "Rock has proven itself to be even more powerful than governments!"

I approach the low stage and gawk at the band: a drummer, bassist, lead guitarist and keyboard player. The music emanating from their set pounds against the massive walls like a giant fist. They play Dire Straits. The lead guitarist, looking like a young schoolboy, embarks on a solo with confounding agility. The guitar sings, sneers and snorts; the melody rings out like a cry to Allah. I inspect the band again: where is Auld? Has he taken a break? Is this only an introductionary interlude? The schoolboy lifts his mouth to the microphone and starts to sing. I recognize the voice instantly. It is Robin Auld.

"I greatly admire musicians like Jimi Hendrix and Bob Marley – the latter not so much for the reggae as for the commitment and vision inherent in the man's music. Amongst the current crop of LPs, Sting's "Dream Of the Blue Turtles" is a favourite. I don't really enjoy weird music. My band does play a lot of fairly mainstream material, but our appeal is hopefully not limited to the teeny-bopper group. I want to reach as wide an audience as possible. I feel I have a lot to give . . ."

The band plays suave, sophisticated rock; the mob sokkies as if this is Witgatworteldraai's annual Boerewors Boogie. Kinky Maties, huh? Entangled couples around the dancefloor wring each other to within an inch of their lives before my disgruntled eyes. Auld gazes at the mob wearily, then sings *Baby You've Been Good to Me*. I don't believe a word of it. *All Of Woman* follows; one of my favourite Auld songs, it has as yet not been dented by radio overkill (it has since reached No 1 on Radio 5).

Robin Auld was born in Zambia, raised in the RS of A. "I love it here," he says proudly. "I don't carry a South African passport, which means I could probably have gone overseas to try and make it there had I wanted to. But I don't think I could live anywhere else . . ." Something in his voice makes me look up from my note pad. He suddenly looks extremely vulnerable. "What happens in this country at the moment is really freaking met out, you know . . ." he says softly. I wonder whether the cigarette smoke gets in his eyes or if he's crying.

All this serious talk suddenly gets too much for me. I tell him that he is the only well-known personality I've ever met who doesn't swear and ask him if he always speaks such impeccable English. Being such a well-known surfer, does he ever indulge in surfers' slang? He breaks into laughter. "Sure! The vibe is like, eh, like kief, bru!"

After the concert I go on stage to arrange the interview. Robin Auld wears a loose-fitting white suit snaked through with black streaks. He has tousled blonde hair barely touching his shoulders. He is short, of slight built, pretty. He reminds one of Arryan's description of Alexander the Great. We decide to conduct the interview in the glass-enclosed upstairs bar. We shake hands and sit down to a bottle of beer. Afterwards we shake hands and I leave.

The vibe downstairs is not like kief at all. The mob is drunker than before and sokkies to Pop Shop '27. Making one's way through the country's stinking, sweating and swearing leaders of tomorrow is neither an easy nor a pleasant business, and about halfway through I involuntarily look back. He is still standing upstairs following my progress through the mob, his hands pressed against the glass, reminding me of Dustin Hoffman in the famous scene from The Graduate. We smile.



Robin Auld

Musica
We've got the hits!
HEY!
THERE'S A MUSICA RIGHT HERE IN STELLENBOSCH SO YOU DON'T HAVE TO TREK TO CAPE TOWN FOR ALL YOUR RECORDS AND TAPES. AS IN INTRODUCTORY OFFER TO ALL NEW STUDENTS WE ARE OFFERING R2 OFF ANY FULL-PRICED RECORD OR CASSETTE. BRING THIS AD WITH YOU NEXT TIME YOU'RE IN DROSTDY CENTRE (BIRD STREET), COME AND MEET PETER AND GILLIAN, AND MAKE THE MOST OF THE WIDEST SELECTION OF RECORDED MUSIC IN THE CAPE.
R2 OFF
You'll find more at...
Musica
DROSTDY CENTRE, STELLENBOSCH TEL. 72002




Ons "Digters Debuteer"-kolom beleef 'n ongekende droogte. Indien daar enigiemand is wat hul werk gepubliseer wil sien, stuur 'n getikte kopie van jou werk aan: *DIE MATIE*, Studenteraadskantoor, LSS, Stellenbosch.

# Nuwe dekaan het wye belangstelling



Prof. Charles du Ry, pas aangestelde dekaan van die departement van Beeldende Kunste, het reeds 'n aantal toekennings van verskeie instansies uit erkenning vir sy werk ontvang.

My indruk met instapslag is boeke, baie boeke, rakke vol, 'n kantoor vol boeke. Ek loer na titels – definitief 'n kultuurmens dié.

En ook nie anders nie. Prof. C. du Ry, nuut aangestelde dekaan van die Departement Beeldende Kunste, is 'n man wat wyd en goed kyk. As Nederlander van geboorte ('n ligte aksent verraai nog die verbintenis met die laer lande) studeer hy aan die Ecole du Louvre en die Sorbonne in Parys. Sy vak is egter argeologie, 'n veld wat nou nog met 'n verskerpte flikker in die oog genoem word.

Vanaf 1952 is hy verbonde aan die Ecole des Beaux Arts in Parys asook aan die Koninklike Etnologiese Museum en die Rijksuniversiteit in Leiden. Sy werk in dié tyd besorg hom 'n beurs waarmee hy in 1959 en 1960 as medeleier aan 'n argeologieprojek in die Nederlands-Karibiese Eilande, Venezuela en Trinidad en Tobago deelneem. (Ek kan die versoeking nie weerstaan om te vra waar die plek met die speseryagtige naam dan is nie.)

En vanwaar die belangstelling in die kultuurgeskiedenis? "Uit die lug." Ek moes baie verbaas gekyk het en hy verduidelik met 'n groot glimlag. Hy was vlieënier in die Nederlandse lugmag "en het daar dinge raakgesien wat die mens gewoonlik nie sien nie . . . van bo af".

En so is sy visie nou nog. Hy voel sterk daaroor. Die kunsgeskiedenis staan tog nie geïsoleerd nie. (Hier is geen sprake van die Don Quixote-instelling, waaroor ons ook gesels, nie.)

Tog blyk die Middeleeue 'n gunstelingperiode te wees . . ." en nie net omdat dit so ver weg is nie", verseker hy. Die mense het 'n lewenshouding gehad waartoe hy hom aangetrokke voel.

Cézanne is ook 'n persoonlike gunsteling. "Hy was 'n skilder wat nagedink het."

Met Cézanne deel prof. Du Ry ook sy belangstelling in die klassieke, 'n liefde wat hy van sy vader, 'n advokaat, geërf het. Sy kennis van die klassieke tale kom nog handig te pas, verseker hy. Veral wanneer hy besig is met navorsing vir publikasies, waarvan hy al heelwat die lig laat sien het. Hy wys my 'n paar boeke waaraan hy meegewerk het. 'n Paar is vertaal in tale wat, verseker hy my, hy nie eens verstaan nie – een in Servo-Kroaties. Op sy lessenaar lê 'n Franse artikel "vars van die drukkers".

Die gesprek verskuif na die plaaslike kunstoneel en ek probeer 'n Suid-Afrikaanse gunsteling vasstel. Hy huiwer eers. "Dit wissel" Tog word die naam van Hugo Naude met groot entoesiasme genoem. "Sommer lekker, sommer lekker. Gemaklik om te sien."

Vir die werk van Stanley Pinker is daar ook 'n sagte plek . . . en Hardy Botha. (Dit is juis met 'n besoek aan 'n uitstalling van Botha in Stellenbosch verlede jaar dat hy Stellenbosch met nuwe oë gesien het, vertel hy.)

Hy is nou 12 jaar in Suid-Afrika. In 1973 het prof. Du Ry direkteur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum in Kaapstad geword en sedert 1975 was hy hoof van die Departement Wes-Europese Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Kaapstad. Ons gesels oor die tyd en ek wil weet of hy dink Suid-Afrikaners is bewus genoeg van die kunste, genoeg kultuur- en bewaringsbewus. Hy glo tóg wel. Die Suid-Afrikaanse kultuur en lewenstyl is egter geneig om die mens te isoleer, selfbewus te maak. Anders as in Europa maak dit kommunikasie moeilik. (Ek interpreteer dit as 'n uit-voeling-wees met die realiteit van die hede en dus ook die verlede.)

Prof. Du Ry voel daar word te veel gekyk en lippe afgelek na die Amerikaanse superkultuur – ten koste van kontemporêre Suid-Afrikaanse kuns. Dis 'n algemene tendens. Tog is die Amerikaanse kultuur nie noodwendig altyd suiwer nie. Die Amerikaners werk hard, hulle presteer, maar hul kuns is egter soms net te "klinies" na sy smaak. "Die teenoorgestelde hiervan is tog wat lekker is in die Europese kuns". (Ons moet eers saamlag oor die stukkie wysheid.)

Hy trek 'n interessante parallel tussen die Suid-Afrikaanse en Russiese kulture; beide is baie gebonde aan hul land, die aarde en het die vermoë om dit in woorde weer te gee. (Hy praat met groot bewondering van die Russiese skrywers en 'n deurbraak in die Afrikaanse literatuur wat hy nie glo gedoem is soos baie beweer nie.) Beide kulture sukkel egter om hulself visueel uit te beeld. Die Russe "kyk sleg na die sterre" en Suid-Afrikaners "sien ook moeilik daarbo."

Wat dan van die Australiërs? "Ja . . . 'n interessante kuns . . . hulle is bewus . . . en hul betaal baie." Tog is hul benadering "'n bietjie droog!"

Terug na die tuisskare. Ek wil weet of ons Suid-Afrikaners nog moet onderskei tussen "wit" en "swart" kuns? Is dit nie juis die kunstenaar se plig om die idealistiese skeiding op te hef nie? Wat van die aanvaarding van 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse kultuur? Die antwoord is ouer en wyser as my vraag. "Ons moenie, maar ons doen dit wel" en die studieveld na die mate en wyse waarop die westerse absorpsie van Afrikaanse kuns geskied, lê nog braak. Die westerling het eintlik min begrip vir die komplekse aard van die Afrikaanse kuns.

Met 'n staaltjie oor Picasso moet ek vroetel met die bandopnemer en besef dat die tyd te gou verby is.

Ek verwys na die Orde van die Palmes Académiques wat in 1980 aan hom toegeken is asook die Erepenning van die stad Parys wat hy in 1983 ontvang het. Nou is die glimlag skaam en nederig. "Ja, dis oulik. Jy moet my net nie vra waarom nie."

Ek verstaan dit egter goed. Alhoewel prof. Du Ry my verseker dat hy self nie eens 'n lyn kan trek nie, is sy entoesiasme en begrip vir dé "lyn" opvallend. Soos ek gesê het, 'n kultuurmens dié – en 'n aktiewe entoesias daarby. (Hy is ook die Kaapstadse voorsitter van die Alliance Français en vertel opgewonde oor dié "skool".)

Sy liefde vir lees blyk duidelik, maar ek vra na 'n tweede liefde – stap en bergklim, wanneer die tyd dit toelaat. En 'n wens vir die toekoms? Om nog baie te kan lees.

Ek hoop ook so en gun hom dit.

KOBIE SWART

# Reeling a reality, reeling an illusion

*"I make films for people who don't think in terms of pre-formulated doctrine, the others go to see my films and they must hate me because they understand."*
Rainer Werner Fassbinder

Often, a wave of exhiaration runs through room 230 in the B.J. Vorster building. At other times, Film Society members seem dazed and confused when the lights go up. Every Monday night, the audience, delighted or disgusted, are projected into another reality, a different illusion.



Meryl Streep and Kevin Kline in *Sophie's Choice*, due to be screened by the Film Society on the 7th of April.

Many people are under the false impression that the Film Society only caters for an audience that is enthralled by obscure black and white films about Hungarian peasants and potatoes.

However, the films that are shown range from popular circuit movies *(Sophie's Choice)*, adapted classics (*Women in Love*), to recent South African films (*My Country, My Hat*).

Films that, whatever else they might do, will certainly leave one thinking.

The Film Society is also showing a seven-part documentary simply entitled *War*, which "analyses the nature, development, consequences and future of modern warfare." The series will start at 6 pm, an hour before the main film.

The yearly membership fee for the University of Stellenbosch Film Society is R10 for students and R15 for the public.

Not only is one able to see the films screened by the society every week, but one is entitled to various reductions and complimentary tickets to Stellenbosch Film Festivals as well.

The Boland Film Exhibition starts at Stellenbosch at the beginning of March.

Fellini's *Satyricon*, *The Bostonians*, *Paris Texas*, *Steaming* and *Where the Green Ants Dream* are among the movies to be shown. Members of the Film Society will receive a complimentary ticket.

Members of the Film Society will also get a reduction at Computicket for the German Film Festival that is currently showing at the Nico Malan and the Pinelands cinema.

Being a member of the Film Society has other advantages too. Last year, certain members of our community insisted that *A Clockwork Orange* (showing at the Stellenbosch Cines) was not suitable for the public. The movie was taking off the circuit, and only Film Society members were allowed to attend the only screening.

The Film Society was started in 1969 by Henry Snyders and John Degenaar, and was under the chairmanship of Prof. André du Toit until 1985. Dr. Edwin Heese is chairman this year.

A society that has been popular for so many years, and has one of the largest memberships of any society in Stellenbosch, must certainly be well worth joining. Even if "all you do is look at shadows on the wall."

Film Society Shows:
3 March *My Country, My Hat*
10 March *Elvira Madigan*
17 March *Women in Love*
24 March *Hugo and Josefine*
7 April *Sophie's Choice*
14 April *Une Femme est Une Femme*

Film Society shows take place every Monday evening at 7 pm in room 230 in the BJ Vorster building.


# ARTICHOKE

1. **A LAST GASP:** Home from a far land a student prince returns, to find: all of writing murdered – dead not buried, infecting the air with its noisome decay; poetry mortally wounded, disembowelled in the corridor, lying in the iron traceries, bleeding couplets and synechdochy, mouthing stale and half-forgotten lines. Before disappearing forever in the castle's obscure and twisted passages, he stages a last show. A panoply of masks and tinsel, a pretense of parody. If language is dead (he mutters) and only its empty husk remains – why not fake it??

2. **Arty (adj.):** Showily or pretentiously artistic

3. **Nabokov:** "One gentle writer rebuked Sebastian (April 4, 1928) for being 'Conradish' and suggested that he leave out the 'con' and concentrate on the radish in future works".

4. **Artichoke (n.):** (1) a tall composite herb like a thistle with coarse, pinnately incised leaves, also its edible flower head. (2) JERUSALEM ARTICHOKE (3) Poetry Magazine. Published at UniBosch in early 1986. Small, informal, samizdat. Taste: Bizarre, astringent, dry. Afrikaans, English, anything.

5. **ATTENTION ATTENTION!** All contributions welcome! Please send us your poetry, prose, pictures, holiday snaps, shopping lists, bus tickets, secret files, true confessions, manifestos. We are at: Lindenhof 8, Blerschstraat, Naby die stasie, of: English Society Mailbox, Langenhoven-studentesentrum.

6. **PUBLISH AND BE DAMNED**

# ARTICHOKE

# Die Matie

Donderdag, 27 Februarie 1986


## Sekondêre rol onaanvaarbaar

**DIE standpunt van die voorsitter van die Afrikaner Studentebond (ASB), mnr. Marthinus van Schalkwyk, dat politiek 'n sekondêre rol in studentedialoog moet speel is heeltemal onaanvaarbaar.**

**Hiermee saam moet die apolitiese rol van die ASB ook veroordeel word. Die Afrikanerjeug moet politiek geskool word. Alleen deur inter-universitêre politieke dialoog kan studente bewus gemaak word van veranderinge in 'n politieke bestel wat dringend noodsaaklik geword het.**

**Afrikaner-studente kan onder geen omstandighede terugsit en toeskouers wees van die dodelike politieke spel in Suid-Afrika nie. Ons sal die enigste slagoffers van so 'n apatiese houding wees.**

**Verhoudinge tussen studente van alle politieke groeperinge oor die hele spektrum heen kom nie vanself nie. Dialoog is nodig en dit móét politieke dialoog wees.**

**Die ASB, wat op hierdie vlak 'n baie groot rol kon speel, omdat dié organisasie 'n groot ondersteuningsbasis en legitimiteit kon hê, is 'n fiasko – 'n beleid sonder enige waarde vir die verbetering van verhoudinge in Suid-Afrika.**

**Die probleme in Suid-Afrika is politiek van aard – nié kultureel nie. As die ASB werklik 'n bydrae in die soeke na alternatiewe in Suid-Afrika wil maak, sou hy politiek betrokke geraak het. Afrikaner-studente durf nie stagneer in hulle politieke denke nie.**

**Stellenbosch en die hele Afrikaner-studentegemeenskap moet geaktualiseer word en ophou om agter 'n veilig gewaande kultuurvesting weg te kruip.**

## Bediening nog frustrasie

**NA meer as drie jaar van vertoë deur gefrustreerde studente aan die studenteraad en deur die studenteraad aan die owerhede, laat die bediening by veral die kitsarea in die LSS steeds veel te wense oor.**

**Hierdie week is dit gesê – en dit na die soveelste navraag – dat verbouings vanjaar gedurende die Junie-vakansie gedoen sal word. 'n Mens kan net wonder of dit nie nog 'n ydele belofte is nie. Verlede jaar moes ons ook hoor dat die kitsarea gedurende die Junie-vakansie verskuif sou word.**

**Na gesprekke met SR-lede blyk dit dat ook die inspraak wat hulle het nie veel tot die bespoediging van die verbeteringe bygedra het nie. Dit laat 'n mens met reg twyfel aan die sogenaamde kommunikasiekanale wat tussen die administrasie en die studenteraad bestaan.**


## Matie-redaksie

**HOOFREDAKTEUR:** ERIC LE GRANGE, Het Heerenhof 4 (tel. 79172)
**REDAKSIEKANTOOR:** LTD-gebou nr. 0024 en 0025 (tel. 72332 en 5979)
**SEKRETARESSE:** HEIDI VISSER, Kerkstraat 32 (tel. 2226)
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** vakant
**BESTUURSHOOF:** DAWID VAN DER MERWE, Stelmont 4 (tel. 76729)
**ADVERTENSIEBESTUURDER:** JANNIE NEL, Het Heerenhof 4 (tel. 79172)


## AANSOEKE INGEWAG

Aansoeke vir die volgende poste op DIE MATIE-redaksie word ingewag. Aansoeke kan gerig word aan: Die Voorsitter, Publikasiekomitee, SR-kantoor, LSS.

**Assistent-hoofredakteur**
**Nuusredakteur**
**Aktuele-redakteur**
**Sub-redakteur Aktueel**
**Sosiale Redakteur**
**Sub-redakteur Sosiaal**
**Sub-redakteur Kuns (2 Poste)**
**Sub-redakteur Sport (2 Poste)**




Neulsie?

# Studente kán aktiewe rol in politiek speel

Dr. Beyers Naudé, Algemene Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en erepresident van NUSAS, het Stellenbosch verlede week as gas van die plaaslike NUSAS-tak besoek. *Die Matie* het met hom gaan gesels oor spesifiek die student se rol in die Suid-Afrikaanse politiek. Hy het ook aan *Die Matie* vertel hoe en wanneer hy besluit het dat hy nie meer neutraal kan staan teenoor apartheid nie.

## Matie- Gesprek

### Dr. Beyers Naudé

**U was 'n ywerige Broederbonder en het apartheid op 'n stadium in u lewe ondersteun. Nou is u 'n skerp kritikus van die regering en beywer u vir die totale opheffing van apartheid in al sy vorms. Wanneer het hierdie radikale verandering gekom en waarom?**

Cottlesloe (1960) was die oomblik van beslissing in die openbaar waarin ek 'n besluit moes neem. Die verandering het al voor dit gekom. Ek sou Sharpeville die katalisator noem. Maar ek dink daar was drie faktore wat saamgewerk het om uiteindelik my denke te verander.

Die eerste was toe ek begin het om vir myself te probeer seker maak in hoeverre ons N.G. Kerk se verdediging van apartheid in werklikheid gehandhaaf kan word. Ek het 'n studie gemaak en in my studie tot die gevolgtrekking gekom dat ons poging om 'n Bybelse regverdiging vir apartheid te kry net eenvoudig nie te handhaaf is nie. Hierdie eerste belangrike stap het die morele basis vir die verdediging van apartheid by my weggeneem.

Die tweede faktor was dat in my hoedanigheid as lid van die Moderatuur en veral toe ek moes waarneem as Moderator het jong predikante wat swart-, Indiër- en kleurling - gemeentes aan die Rand en Pretoria bedien het na my gekom het en hulle probleme met my kom deel. Hul probleem was die uitdaging en die negatiewe reaksie, die kritiek wat hulle moes ondervind van hul eie lidmate van die N.G. Kerk in Afrika, van die Sendelingkerk en van die Indiërkerk. Ek het in 'n heerlik geïsoleerde blank bevoorregte wêreld gelewe – salig onbewus van die uitwerking wat apartheid het op die lewens van mense. Ek het toe onderneem om met hulle na hulle kerkrade te gaan, na hul gemeentes, na die omstandighede waarin hulle moes bevind. Ek het van gemeente tot gemeente gegaan, ek het na die swart kampongs gegaan, ek het na die woongebiede gegaan en ek het gesinne ontmoet wat verdeel is deur die Apartheidswette. Dit was die belewenis van wat apartheid besig was om aan die lewens van mense te doen wat as 'n ontsettende skok na my gekom het.

Die derde was dan die gebeurtenis van Sharpeville wat ons gedwing het om toe standpunt in te neem in verband met die hele beleid van die apartheid. Die ondersoek wat ons gedoen het, die verslag wat ons voorgelê het vir Cottlesloe, die aanvaarding van daardie kritiese aanbevelinge en die geweldige negatiewe reaksie wat dit na vore geroep het oor die hele land het my by 'n punt gebring waar ek nie meer met 'n eerlike, rein gewete neutraliteit kon handhaaf nie. Ek was gedwing om te kies. En dit was van daardie oomblik wat ek besef het: nou lê my pad in die woestyn. Ek het my vrou ook gesê toe ek die werk by die Christelike Instituut aanvaar het ons gaan vir die volgende tien jaar die woestyn binne en ons sal moet leer om daarmee te leef. Ek het nie geweet dit gaan twintig jaar duur nie.

**Baie blanke studente is nie onbewus van die kontradiksies van die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Daar is blanke studente wat apartheid heeltemal verwerp en sover as wat hulle beskermde leefwyse dit toelaat wel die erns van die situasie waarin ons land tans is besef. Kan blanke studente enigsins iets konstruktief doen met hul waarnemings?**

Ek dink daar is 'n hele aantal dinge wat deur studente gedoen kan word. Die eerste is: Die studente moet hulle besorgdheid bekendmaak by wyse van verslae, verklaringe. Hulle moet 'n forum vir sodanige diskussie skep binne die studentegemeenskap. Hulle moet ook swart, kleurling en Indiër jongmense, die wat bereid is om nog te praat, nooi om persoonlik te kom oordra wat hulle ervaring is, wat hulle oordeel is, wat hulle perspektief is op die situasie in die land, sodat hulle eerstehandse inligting het van wat

*(Vervolg op bl. 13)*







## 'Kookpot van gedagtes' op gesprekstoer

# Leierskap wek kommer

DIE gesprekke wat die groep van tien Maties verlede jaar op hul landwye "gesprekstoer" onder andere met leiersfigure in die swart gemeenskap gevoer het, was "ernstig en op die man af" – dit was 'n "kookpot van uiteenlopende gedagtes en menings".

Dit is die mening wat uitgespreek word in 'n verslag oor die toer wat vroeër vanjaar deur twee lede van die groep, Hennie Bester (die toerleier) en Stephan Malherbe, saamgestel is.

Die groep studente het eers Natal besoek, waar hulle met Inkatha en lede van die United Democratic Front (UDF) in Natal gesprekke gevoer het. Dit blyk uit die verslag dat die uiteenlopende rolle en standpunte van die twee organisasies die meeste aandag geniet het.

Volgens die UDF verwyder die regering voortdurend erkende swart gemeenskapsleiers. Daardeur veroorsaak hy 'n "leierskapsvakuum" wat lei tot meer radikale en onbeheersde optrede.

Die UDF-lede het veral Inkatha in Natal se optrede veroordeel, wat volgens die UDF nie eers belangstel in die aftakeling van apartheid nie en nie eers "deel van die bevrydingsbeweging vorm nie".

Die UDF het ook aangevoer dat Inkatha hom as 'n bedreiging vir sy tradisionele magsbasis beskou – gevolglik word daar uit weerwraak teen mense wat nie aan Inkatha behoort nie en simpatiseerders met die UDF op gewelddadige wyse opgetree.

Inkatha het in sy gesprek met die studente op die dilemma waarin hy hom bevind, gewys: die radikale groepe beskou sy lede as verraaiers wat met die onderdrukkers (die regering) saamwerk, terwyl die regering se weiering van die Inkatha se gematigde eise hom van sy bestaansreg en doeltreffendheid ontneem.

In sy gesprek met die groep in Johannesburg het mnr. Percy Qoboza, redakteur van die swart koerant, City Press, gesê swartmense én blankes het tot 'n groot mate 'n geloofwaardigheid aan geweld gegee wat dit nie verdien nie. Volgens hom glo swartmense al hoe meer dat dit al taal is wat die regering verstaan.

Mnr. Qoboza meen die felle meningsverskille in swart geledere het kommerwekkend toegeneem. Volgens hom het die politieke leiding van gematigdes na die dikwels radikale swart jeugdiges verskuif omdat ander pogings tot hervorming geen vrugte afgewerp het nie.

Een van die probleme wat mnr. Qoboza genoem het, is die krisis rondom swart leierskap. Hy meen die regering verhaas die "vervanging" van gematigde swart leiers deur hulle in hul posisies te behou en nie aan hulle gematigde en geregverdigde eise te voldoen nie. Dit lei daartoe dat meer "radikale leiers van 'n swakker gehalte" op die toneel verskyn.

Nog 'n groot probleem wat mnr. Qoboza genoem het, is die geslag ongeskoolde werkers wat sedert 1976 ontstaan het. Al blankes waaraan hulle blootgestel word, is dié in die Administrasierade en die Polisie, meen hy. Volgens hom is die Soweto Parents' Crisis Commitee die enigste gematigde groep wat kan verhoed dat hulle "heeltemal buite beheer raak".

In Johannesburg het 'n groep van vyf mense die studente by Nedbank ontmoet. Onder hulle was mnr. Rudolf Gouws, hoofekonoom van Nedbank, en mnr. Gibson Thula, 'n vooraanstaande swart sakeman en kenner van swart politiek.

Luidens die verslag meen mnr. Thula dat die ontplooiing van die Weermag in swart woongebiede 'n mislukte poging was om die onrus te



Swartmense se siening van die veiligheidsmagte verskil van dié van blankes.

probeer onderdruk. Die regering kon volgens hom as oplossing liewers verklaar het dat hy die onderwysstelsel oopstel en rasseskeidings daaruit sal verwyder.

Die regering kan as 'n oplossing vir die onrustoestand ook meer swartmense in die staatsdiens aanstel. Daardeur sal die staatsdiens swart behoeftes beter verstaan en ook 'n beter beeld uitbou, meen mnr. Thula. Buiten dit moet die regering ook na sekere geregverdigde griewe omsien, meen hy, soos die toestande in Duduza, waar daar nog geen rioolstelsel, teerstrate of elektrisiteitsgeriewe is nie.

Die ANC kan nie deur die regering weggedink word nie, meen mnr. Thula, omdat hy daardeur dié organisasie se "politieke denkwyse" verhard. Die Inkatha verloor volgens hom tans steun ten gunste van die ANC weens sy huidige strategie, wat hy kan herwin deur onder meer tot aksies soos die verbruikersboikot toe te tree en nie die ANC openlik te kritiseer nie.

By die afsluitingseremonie van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) op 20 Desember verlede jaar, die laaste ontmoeting van die toer, het die groep die indruk gekry dat rewolusionêre swartmense godsdiens uitbuit om, soos Afrikaans in die verlede gedoen het, nasionalisties-politieke oogmerke te bereik.

Volgens die verslag het die klein groep blankes by dié byeenkoms gelyk asof hulle nie besef watter "magspel" in die land gebeur nie. Dié mense sien ook nie die "chaos wat onbeheerste optrede" in só magspel teweeg kan bring nie.



MNR. JOHAN OLIVIER

## SP en SR

### Breë forum kom

DIE SR gaan in April vanjaar 'n breë front van wit en swart studente wat die hele politieke spektrum verteenwoordig in Stellenbosch op een verhoog laat optree.

DIÉ 'Forum vir Nasionale Studente-organisasies' sal van 3–7 April gehou word. Volgens mnr. Johan Olivier, SR-lid wat die Forum reël, is "dit belangrik dat studente hierdie geleenthede bywoon, omdat dit vir hulle 'n beter insig gee van die Suid-Afrika van vandag."

### Ken karre met Sosius

SOSIUS, die SR-portefeule van me. Anelia Coetzee, is veel meer as net 'n opgewarmde Damesbelange-komitee. Daar is wegbeweeg van die Slegs Dames-benadering: voortaan sal aktuele onderwerpe aangebied word om 'n sosiale bewustheid aan te wakker. Verkragting, seksuele afwyking en 'n 'ken-u-kar'-kursus sal aangebied word.

### Diederik gedenk

DIRK Opperman, die uitgelese digter, dramaturg en literator, word dié termyn gedenk. Die SR-lid vir kultuur, me. Elmien Lesch, reël die huldeblyk in samewerking met die drama-departement. Verder, sê me. Lesch, is 'n Interkoshuis-kabaret en die Sangfees voorbeelde van 'n nuwe dimensie vir dié portefeulje waarmee geëksperimenteer word. Geld bly steeds me. Lesch se grootste kopseer.

### Bofbal-stryd beplan

INTERVARSITY gaan vanjaar veel meer as die gewone behels. Volgens mnr. Robbie Roberts, die SR-lid wat intervarsity moet reël, sal daar vanjaar 'n diskoteek tydens die Sing-songsweek, 'n biertuin, 'n country-fees en 'n braai-en-dans (na die rugby) gehou word. "Die oogmerk," sê mnr. Roberts, "is om meer seniors te betrek."

### Waar is geld?

FONDSE wat betaal word aan die Fakulteitsverenigings, soos die Juridiese vereniging, die Sielkunde-vereniging en die Geografie-vereniging, gaan onder die loep kom. Hoewel van hierdie verenigings, soos dié wat die belange van die ingenieurstudente en die regstudente behartig, 'n uitgebreide jaarlikse program van aktiwiteite het, sê mnr. Johan Wege, SR-lid vir Verenigings, dat 'sommige van dié verenigings slegs in naam bestaan en waarvoor studente moet betaal.'

## Pieke dank SP-lid af oor PW-mosie

MNR. JOHANNES ROBERTS, SR-lid vir Sport, is deur sy kiesafdeling as SP-lid afgedank nadat hy verlede jaar 'n mosie van wantroue in die kanselier, president P.W. Botha, voorgestel het.

Mnr. Francois Schoombee, ondervoorsitter van die Populêre Studente-Alliansie (PSA), het die mosie van wantroue in mnr. Roberts voorgestel.

Mnr. Helmut Pool, lid van die PSA en mnr. Nic Myburgh, voorsitter van die PSA, het die mosie gesekondeer. Hulle het aangevoer dat mnr. Roberts nie die kiesafdeling in sy mosie geken het nie. Die mosie is met 79 stemme teenoor 37 aanvaar.

Volgens iemand wat die vergadering bygewoon het was dit onordelik. "Mense het die sprekers nie 'n kans gegee om hul saak te verduidelik nie", het hy gesê. Mnr. Robert Knobel, primarius van Pieke, wat as voorsitter opgetree het, het



Mnr. J. Roberts

gesê dat albei partye na afloop van die vergadering tevrede was met sy hantering daarvan.

Mnr. Roberts ontken dat hy tevrede was. Hy het na bewering na die vergadering aan mnr. Knobel gesê: "As jy dit 'n vergadering kon noem dan weet ek nie".

Mnr. Roberts het in sy kommentaar oor sy afdanking gesê: "Volgens my het ek nie die reglemente oortree nie. Ek het nie die mosie namens die koshuis ingedien nie, ek het dit as individu gedoen. Hulle wou nie verstaan dat dit nie 'n politieke mosie was nie, dit was 'n beginselsaak."

Die sekretaris van die studenteparlement gaan vanaand 'n mosie van wantroue in mnr. Roberts as SR-lid voorstel. Volgens die SP-reglemente moet dit gedoen word om te bepaal of mnr. Roberts in die lig van sy afdanking as SP-lid kan voortgaan om as lid van die studenteraad te dien.

# Black Maties double

BLACK and coloured students have been at the University of Stellenbosch since 1978, but this year the number has risen to over double last year's figure of 227, according to mr. Douglas Davis, personal assistent to the Rector.

This includes a large intake of undergraduate students, and for the first time, journalism and law students.

In his speech welcoming the first years, the Rector, Prof. Mike de Vries, said that student life would be more demanding for the blacks and coloureds.

Coloureds asked on how they felt being at Stellenbosch, largely replied positively, especially regarding the academic standard. Some students have transferred from the University of the Western Cape to enable them to enjoy studies uninterrupted by boycotts and political unrest, and others said their sole purpose was to get a degree. One student said she felt ill at ease, and was only at Stellenbosch because UWC did not offer her course.

On orientation, a student said that he had got on well with his fellow first years in Pieke, and had not experienced any difference in treatment.

No student questioned had encountered any direct hostility, and most said that the white students



New Maties in the Neelsie

had on the whole been friendly and helpful, although others felt there was a communication gap.

Most coloured students live in Idas Valley and have to walk or cycle to campus. No blacks or coloureds live in University residences. One student interviewed has nowhere to work at home, and has to stay on campus till late to study.

White students' opinions on the sharp increase in the black and coloured intake varied from indifference to delight, and of the people asked, no-one expressed dislike at the larger black student population.

One student, however, said that he did not mind, as long as they did not bother him, did not cause confrontation and did not get so large in number that they "started taking over".

Another said that since they pay the same fees, they should have the same privileges and be treated as normal students. Other students said that they would be happy to see more blacks and coloureds at Stellenbosch.

Stellenbosch was the first Afrikaans university to open its doors to all races when 42 non-white students were admitted in 1978. The University now has the highest number of coloured students among the Afrikaans universities, studying in all directions.

# Akkerjol swak smaak – rektor

Deur PIERRE DE VOS

VERWYSINGS na "neuskrap en vomering" wat in die Akkerjol verskyn het, is die vernaamste rede waarom dié blad deur die rektor, prof. Mike de Vries verbied is.

Hy het in 'n onderhoud gesê dat die voorblad nie die hoofoorweging vir die verbod was nie. Hy sou daaroor kon onderhandel as die inhoud in orde was.

Die publikasiekomitee het intussen in opdrag van die uitvoerende komitee van die SR 'n kommissie van ondersoek aangestel om beweerde oortredings van SP-reglemente te ondersoek.

Die reglemente bepaal onder andere dat die redakteur van die Akkerjol 'n "welwillendheidsbesoek" aan die rektor moet bring en dat alle stof vir publikasie aan hom voorgelê moet word.

Die kommissie ondersoek ook die gebeure rondom die verbod op die karnavalkoerant, Smoeg.

Die redakteur van die Akkerjol, mnr. Dawid van der Merwe, sê dat hy wel die Akkerjol aan die rektor voorgelê het nadat die blad klaar gedruk was. "Ek het nie kon droom dat die rektor dit sou verbied nie. Dit is immers 'n joolblad en nie 'n Kerkbode nie," het hy gesê.

Prof. De Vries het gesê dat die koste om 'n tweede oplaag te laat druk nie by hom 'n oorweging was toe hy die blad verbied het nie.

Volgens hom sou die "platvloersheid" in die Akkerjol die universiteit skade berokken het.

Verwysings na mnr. Riaan Eksteen, die SAUK, Die Burger en biskop Tutu, wat in die oorspronklike weergawe verskyn het, is ook gesensor. Prof. De Vries het gesê dat hy in die verlede met redakteurs ooreengekom het dat geen kwetsende grappe oor persone of groepe en "geen seksgrappe te ver onder die belt" toegelaat sou word nie.

Intussen het die karnavalvoorsitter, mnr. Banie van Vuuren, sy verbod op die verspreiding van die Smoeg verdedig. "Die Smoeg is ongelukkig misbruik om die rektor te kritiseer."

"Ek dink dit is verkeerd omdat die Smoeg daar is om 'n positiewe karnavalatmosfeer te skep," het hy gesê.

'n Foto van die verbanne Akkerjol en 'n berig waarin die redakteur, mnr. Riaan Smit, beswaar maak teen die verbod op die Akkerjol verskyn op die voorblad van die verbode Smoeg.

In dié berig sê die redakteur dat die verbod "'n wrang smaak laat." Hy vra ook of die "instansies en figure" waarmee gespot word só "kleinsielig" is dat hulle 'beskerm' moet word teen 'n humorvolle publikasie.

Volgens prof. De Vries is dit nié die funksie van die Smoeg om 'n meningsvormende blad te wees nie, maar om inligting oor karnaval weer te gee.

Volgens mnr. Van Vuuren het al die probleme rondom die Smoeg die beeld van Karnaval afgebreek en selfs 'n politieke kleur gegee. Dit sal sowat R800 kos om 'n nuwe Smoeg te laat druk.

Mnr. Smit het sy misnoeë met die hele aangeleentheid uitgespreek. "As die mense hulle 'show' soos 'n kleuterskool wil 'run' speel ek nie meer saam nie," het hy gesê.

# perspektiewe en dinge

## Die gevaar in ons midde

('n toespraak om te lewer by die opening van 'n universiteit)

**chris barnard**

Geagte meneer die kanselier, donateurs, meneer die rektor, menere vise-rektore, lede van die Raad en Senaat, kollegas, dames en here ouers, dames en here studente.

*(afwagtende stilte)*

Die voorsitter van die studenteraad het u reeds welkom geheet – daarom doen ek dit weer. Dit is vir my 'n aangename taak om namens die universiteitsgemeenskap 'n hartlike welkom aan u te rig.

U keuse om na dié universiteit te kom, is sinoniem met u keuse van 'n universiteit wat akademiese uitnemendheid nastreef, maar ook 'n universiteit wat ordelikheid en dissipline as deel van die opvoedingsproses beskou.

*(beleefde applous)*

Wanneer ek u hier by die universiteit verwelkom, dan is dit met die uitnodiging om die dors wat u hiernatoe geroep het, te kom les. Ek is vol vertroue dat u dors hier, agter die "Druiwegordyn", wel geles kan word. Maar om dit te kan doen, dames en here, sal harde werk, baie oefening en uiterste toewyding verg.

*(applous)*

Maar ek wil u egter ook waarsku teen diegene wat nie die toegewydheid om hul dors te les, met u deel nie.

Daarom moet u inskakel by die groep, die koshuis, waar u 'n "esprit de corps" met u mede-toegewydenes moet opbou.

U moet pasop vir die klein minderheid met begrafnisrokke en oorbelle wat nie u toewyding deel nie. Hierdie mense – wat die vryheid van die individu bó die vryheid en regte van die groep stel – neem deel aan ontwrigtende betogings en deel vlugskrifte in die nagtelike duister uit. Hulle pas nie by 'n universiteit met 'n gematigde verdraagsaamheid nie.

*(uitroepe soos "maak dood die kommuniste")*

Maar waarteen ek u vandag veral wil waarsku, is naas die onwettige aanhou van voertuie op kampus, die gevaar in ons midde. Ja, dames en here, die gevaar in ons midde . . .

*(geskokte stilte)*

Daar is 'n groep wat bekendstaan as die ANC, wat ook baie bedrywig op kampus is. Weliswaar is hierdie groep nie altyd sigbaar nie, hulle werk buite die akademiese gespreksatmosfeer van ons kampus.

Hierdie ANC's kom in geheime bonde bymekaar – hier besluit die broers, soos hulle ook bekendstaan, oor die lot van diegene wat nie 'n lid van hierdie eksklusiewe groep is nie.

En dit is ongelukkig só, dames en here, dat daar ook hoë vlak in ons universiteitsowerheid reeds van hierdie mense is. Getrou aan hul aard, het dié ANC's ook hier ingesypel.

Boonop is daar ook onder die studente 'n junior weergawe van dié beweging. Hierdie studente, wat ook nie op kampus pas nie, is in die nagtelike ure soos ruiters in swart besig om die hele atmosfeer op kampus te vernietig – van hulle is selfs op ons SR en SP.

*(geskokte stilte. Enkele uitroepe van "sies", "sjooo" en "shame on them")*

En dan is daar nog diegene wat die vermetelheid het om voor 'n gehoor te erken dat hulle trots is om ruiters in swart te wees!

*(opstandige gebrom)*

Daarom wil ek u vriendelik versoek, dames en here, om sterk te staan teen die totale aanslag wat hierdie Afrikaner Nasionalistiese Calviniste teen die hele kampusatmosfeer loods.

*(luide toejuiging)*

Les u dors by die fontein wat borrel en bruis, geniet elke dag u boerewors en snoektoebroodjie in die Neelsie, lewe teen 'n stywe pas – en u sal weer en weer kom, na u Alma Mater.

*(Gehoor raak histeries, eerstejaar-manstudente baklei om net aan die spreker te vat, terwyl meisies flou val.)*

## Balance



Oh, to be free, white, and twenty-one;
Now that the jacarandas are in bloom.

## MANNA



To see a World in a Grain of Sand
and a Heaven in a Wild flower
Hold Infinity in the palm of your hand
And Eternity in an hour.

William Blake

## Noodtoestand?

NOODTOESTAND? Ja, ek sal jou vertel van die noodtoestand waarin ek nou die aand was toe ek uitgevind het my eye-girl gaan vas uit. Noodgedwonge moes ek toe weer die strate vat (protesterende ego of te nôt).

Magtig, 'n man "soek" mos nie eintlik 'n meisie nie – hulle is mos net daar vir groot geleenthede soos ons huisdans in die Kelvin. Ek het hoeka so 'n paar aan die lyn – sogenaamde "geleentheidskostes", d.w.s. koffiekuierplekke wat egter te onbesienswaardig of te vlak is om mee ernstig te raak.

Ja, ek het amper gevoel soos daai klomp klipgooiende onrusstokers magteloos en siek vir die wêreld-wat so binne 'n ommesien (agtermiddag) minder lekker geword het. (Verdomp, ek sal Santjie nog wys wat sy gaan mis!)

Die klomp barbare het egter ook op een of ander manier 'n vinger in die "pie" – wat betref my tweede plek by Santjie. Die "nerd" wat haar voete onder haar uitgeslaan het, is een van die Bos se kwasi- intellektueles. Hy het natuurlik haar pragtige ou koppie heeltemal gedreineer met sy heeltemal liberale en irrelevante klaagliedere oor ons regering se sogenaamde "goddelose wel en weë" – tot so 'n mate dat sy heeltemal oorbluf kop verloor het en aan sy lippe gehang het!

Ai, ek wens ek kon haar net oortuig dat sy "image" nie veel dikker is as die PFP-"sticker" op sy motor se agterruit nie – die ou spulletjie raas maar net totdat dinge te physical na hul sin begin raak. Dán hardloop hulle dat hulle bars . . . en sý beentjies, wat seker nog nooit op 'n rugbyveld was nie, sal seer sekerlik nie sterk genoeg wees om haar saam te sleep nie – veral nie as hy moet voortsukkel in sy Anleosandale en ronde uilbrilletjies nie.

Van ronde uilbrille gepraat – kan jy dit glo dat een van dié spesie die vermetelheid gehad het om verlede jaar as een van Pieke se SP-kandidate te staan, terwyl hy nie eens geweet het wat die eerste rugbyspan se score die vorige Vrydag was nie – vermetele, radikale klein blikskottel! Sy soort (soos Santjie se "intellectual") tender mos sterk om saam met Mandela en sy buddies gedrop te word uit die allemanspan.

Noudat ons van hom praat – ek weet nie eintlik veel van hom af nie, máár ek stem saam met die ander manne dat alle pro-geweld en sogenaamde afwykende dissidente, kommuniste is, wat heeltemal onnodig teen ± R7 'n dag aan die lewe gehou word. Watter skoner Suid-Afrika sou daar nie sonder hulle vir ons en ons kinders gewees het nie.

'n Mens sou dan elke Sondag onbeswaard in die kerk kon gaan sit en hartlik gehalleluja het oor God se genade om die suidpunt van donker Afrika só stewig op die Christelike fondamente geanker te hou.

Die huidige noodtoestand is volgens my net een van die vele noodsaaklikhede om die antichris mee in toom te hou – anders sou ons binne 'n ommeswaai in dieselfde bootjie as "meisielose ek" beland het, wat bereid was om wanhopig na elke strooihalm te gryp. 'n Denker het nou die dag die "Stellenbosse strooihalm-teorie" vir my verduidelik. Hiervolgens bly jy geheg aan iemand totdat 'n rukwind (noodtoestand ens.) hom/haar onthalm en net sy strooi agterlaat.

Só 'n verhouding word glo van die begin af gekenmerk deur 'n gevoel van euforiese tydelikheid. Die tydelikheid dwing dan die deelnemers om so vinnig en doeltreffend as moontlik vóór die bogenoemde rukwind te oes!

Maar nou-ja . . . juffrouens, moenie toelaat dat hierdie denkers-cumsiniste julle ontstel (dit is laat dink) nie – dit vat hom al sowat twee jaar om verby sy tweede plek te kom (ten spyte van my vrugtelose pogings om hom in die Gat of by 'n huisdans te kry – ek's seker julle sou hom al lankal tot ander insigte gebring het).

Ek wil julle egter net waarsku . . . julle sal hom eers moet oortuig dat daar meer in julle sosiale sy steek as Gat-sokkies, rokversierde huisdanse en foto-gevulde Edrich's-ruite. Bygesê, die arme ou het natuurlik nie 'n idee hoeveel wyer julle spektrum is nie – dink maar net aan "10 tot 11 koshuiskoffies" (ná 'n Bibsessie), Neelsie-koffies – wat nog te sê van die Midnite se Irish coffees! Ek is seker hy sal hom self versuip van geluk as hy eers daarvan oortuig is dat misoeste gelukkig darem net 'n jaarlikse verskynsel is – en boonop gesond is, man!

Nee wag, kyk . . . ek's al weer heeltemal van die noodtoestand-topic af.

Alhoewel ekself nog nooit in een van die toegemaakte "townships" was nie, het ek tog 'n idee van hoe dit daar moet wees. Kyk, dinge soos aandklokreëls (± 8 nm. en 11 nm. onderskeidelik), wakker veiligheidsoë (kampusbeheer), gewapende en gehelmde patrollies (speedcops), klasboikotters (ek en die boys) en politieke agitators (kwasi-intellektueles en alle non verwante U-Die-Efferige skepsels) is tog mos al jare deel van ons lewe op die Bos.

Nou goed, toegegee .. hier verbrand ons nou wel minder Helderberg-karretjies en los relatief nóg minder lewelose collaborators in die Eersterivier – maar tog . . . ek's seker julle (wat mos weet wat hier aangaan) sal ruiterlik met my saamstem dat die lewe hier ook maar taamlik "townshipperig" kan word!

Dus manne, klou vas en waardeer . . . julle meisies!?

**Benhard Wiese,
Van der Stelstraat 21, Stellenbosch**

# Voornemende student se vrylating geëis



Mnr. Batandwa Ndondo (foto) is op 24 September verlede jaar vermoor. Sy stiefbroer, mnr. Lungisele Ntsebesa, 'n sleutelgetuie in die moord, word nou vir 'n tweede keer saam met vier ander getuies aangehou.

'N PERSVERKLARING waarin die aanhouding van vyf moontlike getuies in 'n Transkeise moordsaak skerp gekritiseer word, is teen einde verlede maand deur drie dosente aan die Universiteit van Stellenbosch uitgereik.

Professor Johan Degenaar, Professor Andrè du Toit en mnr. Andrew Nash, al drie van die departement politieke filosofie, het in die verklaring gesê dat hulle bekommerd is dat mnr. Lungisele Ntsebeza en ander sleutelgetuies van polisie-betrokkenheid in die moord op mnr. Ntsebeza se stiefbroer, mnr. Batwanda Ndondo, weer aangehou word.

Mnr. Ntsebeza, 'n boekwinkel-eienaar in Cala, Transkei, was van voornemens om sy nagraadse studie by die departement politieke filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch voort te sit.

In hul verklaring sê die dosente: "Ons ken almal vir Lungisele vir jare. Ons het die toewyding waarmee hy sy studie in filosofie voortgesit het ten spyte van baie moeilike omstandighede bewonder. Hy moes in tronke en as banneling studeer. Sy studiemateriaal is gekonfiskeer en hy is op ander maniere deur owerheidsoptrede gehinder in sy studies."

Na aanleiding van hul verklaring het die betrokke dosente dit duidelik gemaak dat hulle die saak as baie ernstig beskou, ook uit 'n akademiese oogpunt.

"Dit is nie net 'n geval van 'n onreg waaroor ons protes aanteken nie. Dit raak ook ons departement."

" 'n Voornemende nagraadse student wat volgens ons mening ongetwyfeld in staat is om 'n waardevolle bydrae tot die vakgebied te maak word verhoed om met sy studies voort te gaan," het mnr. Nash gesê.

Prof. Degenaar het sy pogings om mnr. Ntsebeza se studies in die filosofie te vergemaklik, as volg verduidelik: "Ons het die mobilisering van redelikheid nodig in 'n land wat aan die irrasionaliteit van sy politiek dreig onder te gaan."

Mnr. Ntsebeza, en die vier ander moontlike getuies is in aanhouding sedert mnr. Ndonda gedurende September verlede jaar in Cala doodgeskiet is.

Mnr. Nash het in 'n toespraak oor die moord op Batandwa Ndondo voor SAAK op 25 Oktober verlede jaar die volgende oor die aanhouding van die vyf mans "Wat op die oomblik duidelik is, is dat die moordenaars amptelike beskerming geniet."

" Getuienis oor hul optrede op die dag van die moord, en oor die polisie se onvermoë om teen hulle op te tree, word beskou as 'n bedreiging vir die Transkeise staatsveiligheid; en die feit dat dit so beskou word, word duidelik gemaak deur die aanhouding van getuies in terme van veiligheidswetgewing."

Hy het ook die stilswye wat die Suid-Afrikaanse regering oor die hele kwessie handhaaf bevraagteken.

Die mans is ondertussen vrygelaat, maar na afgeleë Transkeise dorpies verban.

Op 26 November verlede jaar het die Transkeise hooggeregshof 'n tydelike opskorting van die verbanningsbevel toegestaan.

Die bevel is opgeskort sodat 'n aansoek dat die bevel self ongeldig bevind kon word, verhoor kon word.

Al vyf mans is op Dinsdag, 28 Januarie, weer deur die Transkeise polisie in hegtenis geneem. Dit was voordat die hooggeregshof 'n uitspraak kon gee.

Generaal Kawe van die Transkeise veiligheidspolisie kon geen verduideliking vir die persone se aanhouding gee nie.

Die verklaring van die drie akademici lui verder: "Gebeure in die vier maande sedert die moord het gedurig gedien as bevestiging van die vermoede dat die enigste rède vir die vroeëre aanhouding, die verbanning en nou weer die aanhouding, die amptelike begeerte is om die moordenaars te beskerm."

"Herhaalde vertoë wat aan president Matanzima gerig is, het geen reaksie uitgelok nie. Ons vra die vrylating van die aangehoudenes sodat die gewone regsprosedures gevolg kan word."

## Matie- Gesprek
## Dr Beyers Naude

**Dr. Naude**
*(Vervolg van bl. 10)*

werklik gebeur. Die persoonlike ontmoeting, die persoonlike diskussie en die persoonlike ervaring is vir my 'n essensiële vereiste met die oog op 'n beter begrip.

Die tweede is: Ek dink dit is belangrik dat studente wat belangstel die moeite doen om met swart-, Indiër- en kleurling-studente op ander kampusse te gaan praat en met hulle daar 'n gesprek te voer. Derdens is dit belangrik dat daar byeenkomste gereël word waar jou studente op 'n interrasse forum met mekaar bepaalde probleme of bepaalde vraagstukke in die land kan bespreek.

Ek praat nou van seminare, konferensies – nie noodwendig openbare vergaderings nie, want daarmee is dikwels probleme. Dit kan agter geslote deure plaasvind waar swart en blanke studente beide meer vrymoedigheid kan hê om met mekaar te praat. Sodra die gevolgtrekkings van hierdie gesprekke saamgevat is, moet die vraag gevra word aan wie dit uitgedra word. Ons gaan ons dosente daarmee konfronteer deur te sê die beeld van Suid-Afrika wat julle vir ons gee is eensydig en onvolledig. Dit en dit moet in aanmerking geneem word. Die parlementslede van 'n bepaalde omgewing moet gekonfronteer word, die werklike leiers moet gekonfronteer word en daar moet aan hulle gesê word: 'Ons is in 'n situasie van nasionale krisis – wat doen julle daaraan?' M.a.w. die inisiatief moet kom van die kant van die studente om die erns van die situasie oor te dra.

'n Ander aspek wat belangrik is, is om vir jou swart studente te vra wat hulle dink blanke studente kan doen om die gewettigde aansprake en ideale wat hulle het, te bevorder. Die oomblik wat 'n mens in daardie rigting gaan beweeg, gaan daar soveel nuwe deure oopgaan dat jy eenvoudig nie die tyd sal hê om selfs die helfte van die inisiatiewe en suggesties wat aangekom het, te hanteer nie.

**Blanke studente is in so 'n bevoorregte posisie dat 'n mens soms huigelagtig voel om te dink jy verstaan die probleme van swart mense en veral swart studente. 'n Mens voel soms dat hulle jou nie vertrou as jy 'n anti-apartheid- standpunt inneem nie. Wat moet 'n mens met hierdie ongemaklikheid maak?**

Sowel ons as blanke studente in 'n bevoorregte posisie as die swart studente in hul minderbevoorregte posisie moet die werklikheid van elkeen van ons situasies aanvaar. Ons moet dit erken as deel van die hele sosiale, ekonomiese en politieke struktuur van Suid-Afrika. 'n Mens moet dit nie probeer wegpraat nie, maar as 'n realiteit aanvaar.

Tweedens wil ek sê ek dink ons moet versigtig wees om nie 'n aanspraak te maak of 'n indruk te skep van solidariteit en steun as ons weet ons kan dit nie bevestig nie. Dit is beter om dan eerder eerlik te wees en te sê: ek kom uit 'n bevoorregte gemeenskap. Ek kom uit 'n bevoorregte wêreld en agtergrond. En ek kan en wil dit nie ontken nie. Ek soek om te weet wat vanuit my agtergrond verwag julle moet ek doen? Dat ek van my kant weer vir julle kan sê wat ons van julle vanuit julle minderbevoorregte agtergrond verwag. Want een of ander tyd moet ons hierdie geweldige gaping van blanke rykdom, voorregte en weelde en swart armoede en gebrek begin oorbrug.

Die manier om dit te oorbrug is nie om skuldig te voel daaroor en dan met 'n skuldgevoel te bly voortleef en toe te laat dat dit ontwikkel tot 'n gevoel van magteloosheid nie. 'n Mens moet konkreet in dialoog gaan met die mense wat in daardie situasie is.

Belangrikste is dus: neem die stap. Wees eerlik in jou gesprek met swart studente en sê: 'Dis my posisie. Ek voel ongelukkig daaroor. Ek voel ongemaklik daaroor. Hoe oorkom ek dit? Wat verwag julle moet ek doen?' Ek dink in die lig van so 'n gesprek sal dit al hoe meer duidelik word wat ek moet doen.

**Dan is daar ook die Afrikanerwerker wat ook uit 'n minderbevoorregte omgewing kom wat die Afrikanerstudent en ook enige ander blanke persoon in 'n meer bevoorregte posisie kan beskuldig daarvan dat hulle in 'n gemaklike posisie is om te praat en te wil verander. Dit is die blankes wat die meeste onsekerheid en vrees tans ervaar en weer eens is ons in 'n posisie waarin ons nie dieselfde as hulle kán voel nie.**

Ons het 'n verantwoordelikheid om ons laer inkomstegroepe van ons blankes 'n mate van sekerheid te gee. Dat hulle nie daardie sielkundige, emosionele gevoel van insekuriteit het nie. Ons moenie vergeet dat hulleself die meeste bedreig voel nie. Namate jou swart, kleurling en Indiërwerker beter opgelei en toegerus word is die gevaar daar dat jou blanke werker die eerste is om 'n werk te verloor.

Ons moet hulle daarop wys dat Suid-Afrika die rykste land in Afrika is. Tweedens, Suid-Afrika is die land met die hoogste tegnologiese en wetenskaplike ontwikkeling in die hele Afrika. Suid-Afrika is in staat om elke inwoner van hierdie land wat wil werk 'n versekering te gee van minimum inkomste, 'n leefbare bestaan en die moontlikheid van ontwikkeling. Ons kan dit doen meer as enige ander land in Afrika. Ons het alles.

Hoekom is die blanke werker tans onseker? Dit is a.g.v. die huidige beleid en dit is daarom dat dit so belangrik is dat daar 'n gesprek moet kom met jou swart organisasies binne S.A. en daarbuite. Dit is belangrik dat 'n vraag soos hierdie gestel moet word aan die UDF, Azapo en die ANC. Daar moet aan hulle gesê word hier is 'n gewettigde vrees van die blanke, veral in die laer inkomstegroepe.

Die blanke werker moet op sy beurt weer hoor as die swart werker vir hom sê: "Maar dis ons eie probleem. As jy onseker voel – ons voel nog baie meer onseker. Elke dag van ons lewe voel ons onseker. Jy het nog baie dinge wat jou beskerm – wetlik, jou politieke regte. Ons het niks. Die moontlikheid dat ons verloor, elke dag, alles wat ons het (inkomste, bestaan, huis) is baie groter as joune.

**Dink u dat die invloed van die blanke regtervleuel werklik so groot is dat die regering geregverdig is om hulle as rede aan te gee waarom hulle nie vinniger verander nie?**

Ek is eerlik oortuig daarvan dat die regering die ekstremiste aan die regterkant nie as 'n werklike gevaar sien nie. In die gesprek met Van Zyl Slabbert het P. W. Botha baie duidelik gesê: 'Ek weet ek het 80 % van die blankes se steun agter my en jy en Treurnicht kan die orige 20 %hanteer.' Maar hy sien nie die bedreiging van die blanke groep van regs of van links as enige wesenlike bedreiging vir sy party of sy regering nie. Ek dink dit word gebruik as 'n rookskerm vir die regering om nie vinniger te beweeg as wat hulle self wil beweeg nie. My indruk is dat P.W. Botha en die NP hulle raamwerk gestel het waarbinne hulle bereid is om sekere hervorminge te bewerkstellig. Maar ook in die gesprek met Van Zyl Slabbert het P.W. Botha baie duidelik aangedui wat is vir hom die grense van sy bereidwilligheid om te beweeg en dat hy buite daardie grense nie bereid is om te gaan nie. En dis my probleem dat solank as wat hy die oplossing van sy probleme binne daardie grense wil soek kan daardie oplossing nie bereik word nie. Ons kan nie meer die oplossing met binne-parlementêre beslissings bereik nie omdat ons die groot meerderheid van die bevolking wat geraak word daardeur, uitgesluit het. Hulle is net nie daar nie.

**Dink u dit is betekenisvol dat 'n NUSAS-tak op Stellenbosch gestig is?**

Dit is vir my baie betekenisvol. Dit is vir my 'n aanduiding van 'n gesonde kritiese benadering van jou Afrikanerstudentegemeenskappe oor die land. Dit is vir my 'n aanduiding dat hulle bereid is om ander gesigspunte, wat vantevore nie genoegsaam na vore gebring is nie, na vore te bring. Dit is vir my 'n aanduiding dat Afrikanerstudente besef dat hulle nie kan voortgaan om in akademiese isolasie te leef nie en dat dit nodig is om die toekoms van die land te bou met 'n ope gesprek wat gevoer word deur studente oor die hele land, swart, bruin en wit. Daarom sien ek dit as 'n teken van hoop vir Suid-Afrika en vir die studente van ons land.

**U het baie kontak met swart leiers en ons swart gemeenskap. Sien u nog 'n oplossing vir Suid-Afrika?**

Ja, baie beslis. En ek het sterk hoop. My hoop lê nie in die stappe wat die regering tans neem t.o.v. sy hervorming nie – hoe goed hierdie stappe ook al bedoel is. My hoop lê daarin dat meer en meer Suid-Afrikaners, swart, bruin en wit, saam 'n nuwe weg sal soek om met mekaar die vraagstukke en probleme van ons land eerlik onder die oë te sien, om ons gedagtes met mekaar te deel, ons verskille te bespreek en te kyk of daar 'n moontlikheid is vir 'n verstandige kompromie waarmee ons dan saam die toekoms van die land kan beplan. Ons kan nie meer in isolasie die oplossing van ons land se probleme vind nie. Met geskeie parlemente is dit nie moontlik nie.

The Dros
LICENSED
THE BEST STEAK, PIZZA & PASTA IN TOWN!
HAPPY AFTERNOON
3 PM.—6 PM.
BEER 80c
PIZZA 25% OFF
HAMBURGER & CHIPS R1,95
GOOD MUSIC & GREAT VIBES
DROSDY CENTRE
STELLENBOSCH
TEL: (02231) 71942

# *Koffie-krisis in kitsarea*

**KITSKOFFIE KLAAGSTER skryf:**

Na maandelangé frustrasie en Jobsgeduld, word ek uiteindelik gedwing om die pen op te neem.

Klagte? Neelsie, natuurlik. Langenhoven-studente sentrum. LSS. Meer bepaald: die "KITS"-area. Dag na dag betaal ek nog 35c vir 'n koppie koffie, nadat ek ± 15 minute lank in die "tou", of liewer skare, rondgestamp is op pad na die enkele oop kasregister. Klaar betaal, is die koffie wat nie reeds uitgestort is nie, in elk geval koud.

Wat het geword van die heer Sieberhagen, voormalige SR-lid vir LSS, se mooi beloftes oor meer effektiewe diens in Junie 1985?!

Wat gaan aan? HELP!!

# Studente-inset by SR vereis

**PHILLIP VERSTER, SR-VOORSITTER skryf:**

Aan die begin van elke jaar duik die onvermydelike vraag van Studentebelange en Studentverteenwoordiging weer eens op. Dan moet daar by wyse van oorsigtelike pamflette (SR-Nuus wat ook vandag versprei word) en die Studentekoerant aan elke student verduidelik word wat werklik veding word, asook hoe die verteenwoordiging geskied.

Ek maak van hierdie geleentheid gebruik om die saak aan die begin van die jaar uit te stip. Wat *verteenwoordiging* betref, is daar 'n SR-kommissie wat tans aandag gee aan 'n nuwe stelsel wat meer vaartbelyn en doeleffektief as die huidige SP sal wees.

Wat *studentebelange* betref, word daar van SR-kant so veel moontlik gedoen om opinie te mobiliseer en te beding vir behoeftes van die studente. In hierdie opsig is dit vir ons 'n onmoontlike taak om self die probleemareas te gaan soek; daarvoor is studente betrokkenheid essensieel indat *u* vir ons d.m.v. u SP-lid moet inlig oor u ontevredenheid.

Tans word probleme soos soos die Neelsie en die swembad-kwessie ondersoek.

Beide sake is reeds by die hoogste gesag gebring. Die SR se uitvoerende hoedanigheid behels dat ons slegs weer en weer sulke aangeleenthede by die Universiteit se topbestuur kan onderstreep, maar in die laaste instansie is die besluit van modus operandi hul besluit.

Ek verwelkom, meer as dit, ek vereis u inset in ons werksaamhede.

## BRIEWE



**DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch 7600.**

**Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skuilnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gehou.**

**So ver as moontlik moet briewe getik word in 'n kolom van 65 mm.**

**Alle briewe wat ontvang word sal òf gepubliseer òf erken word.**

Die menings deur briefskrywers uitgespreek word nie noodwendig deur redaksielede onderskryf nie. Die redaksie aanvaar geen verantwoordelikheid vir briefskrywers se menigs nie. Briewe moet onderteken word selfs al gebruik u 'n skuilnaam. Briewe onder skrywers se eie name geniet voorkeur. — Red.

## KENNISGEWING

Aansoeke word ingewag vir die volgende poste op die 1986-redaksie van die Stellenbosse Student:

**HOOFREDAKTEUR**

**REDAKTEURS** (7 Poste):
Algemeen
Sport
Koshuise
Studenteraad
Verenigings
Sport
Taal

**VERSLAGGEWERS:**
Algemeen (2 Poste)
Kuns (1 Pos)
Koshuise (1 Pos)
Studenteraad (1 Pos)
Verenigings (2 Poste)
Sport (1 Pos)

**SIRKULASIE:** (2 Poste)

**ADVERTENSIES:** (2 Poste)

**SLUITINGSDATUM:** Maandag 3 Maart 1986 om 10h00.

Aansoekvorms is by die SR-kantoor beskikbaar en moet gerig word aan: Die Voorsitter, Publikasiekomitee, SR-kantoor, LSS, Stellenbosch.



Is toustaan en tousit noodwendig sinoniem met registrasie?

# Registrasie is irritasie op US

**IRESTASIE skryf:**

Stellenbosch-tradisie maak sekerlik 'n deel uit van die Stellenbosch-idee, en registrasie, meer spesifiek die metode van registrasie, is nou een van die tradisies waarvan die owerhede vir geen geld in die wêreld wil afsien nie, of dit wil altans so voorkom.

Toe ons verlede jaar voor die Van der Ster-gebou ingeval het om in die Sanlamsaal te registreer, het iemand kort-kort die hoop uitgespreek dat ook dié sisteem tog in 1986 aan verandering blootgestel gaan word, maar moenie glo nie! Vanjaar staan die tradisie nog vas. In ellelange rye staan studente maar weer getrou hul beurt vir 'n uur of vyf en afwag. En jy hoor steeds 'n moedige skietgebedjie wat opgaan dat iets tog gedoen moet word om die situasie te verander. Dit geld natuurlik net vir dié wat nog in staat is om iets te prewel, want na 'n uur van wag en sweet is jou keel droog en jou tong sit aan jou verhemelte vas soos die Februarie-hitte jou dehidreer. Van keelnatmaak is daar nie juis sprake nie, want gaan koop jy 'n Coke in Neelsie is jy dalk jou plek in die ry kwyt.

Dalk moet 'n spesiale handleiding, "Hoe om registrasie te oorleef" voortaan aan eerstejaars uitgedeel word. 'n Goeie wenk sal wees om jou swemklere aan te trek vir die geleentheid en 'n goeie voorraad koeldrank, 'n waaier wat met batterye werk en 'n paar kalmeerpille saam te neem. 'n Stukkie handwerk of 'n voorgeskrewe boek kan dalk ook help dat jy nie sterf van frustrasie en verveling nie.


CASIO PERSOONLIKE REKENAARS WAT DEUR U.S. AANBEVEEL WORD VIR ALLE STUDENTE









BESKIKBAAR BY

EDRICH

TEEN SPESIALE PRYSE

KONTAK HERMIE KOCH VIR DIE BESTE DIENS TEL. 71177/71137

# STELLENBOSSE STUDENTEGESPREK

## WAAROM?

Onlangs het 'n persoon in 'n Sondagkoerant gevra, "Hoekom beweeg Suid-Afrika in 'n rigting wat die grootste meerderheid van sy mense nie wil gaan nie, nl. na polarisasie, geweld en wanhoop?" Volgens hom is die waarheid dat radikale binne en buite Suid-Afrika meer effektief dink en optree as die middelgroep, want laasgenoemde is vasgevang in 'n metodiek wat klaarblyklik nie doeltreffend genoeg is nie.
Die Suid-Afrikaanse bevolking kan in die volgende groepe verdeel word. Die middelgroep wat besef dat ons samelewing deur 'n proses van hervorming moet beweeg om vir ons almal 'n gelyke, vreedsame toekoms te verseker. Die groep erken die bydrae van alle ander Suid-Afrikaners wat daardie doelwitte met hulle deel. Aan die uiterste linkerkant van hierdie groep is daar linkse radikale wat alleenlik die geweldadige omverwerping van die huidige politieke, ekonomiese en maatskaplike stelsel in sy geheel beskou as die enigste doelwit waarna hulle strewe. Hulle streef dit met ywer na ongeag die steun wat hulle geniet, en alle teenstand teen hulle siening word geidentifiseer as struikelblokke wat uit die weg geruim moet word. Tussen bogenoemde twee groepe persone vind ons die gefrustreerdes, meesal swart persone wat voel dat daar dringend veranderinge moet kom, maar nog nie hulle heenkome gesoek het by die middelgroep nie, of nog nie oortuig is deur die militansie van die radikale nie. Aan die uiterste regterkant van die middelgroep is die regse radikale wat hulleself bereid verklaar het om die huidige stelsel met geweld te behou en selfs al te verander om so die belange van die blanke groep te beskerm. Hulle is oortuig daarvan dat die blanke groep volledige selfbeskikking moet behou en op geen manier die politieke mag met ander groepe moet deel nie. Tussen die middelgroep en die regse radikale, is daardie persone, meesal blankes, geleë, wat onseker voel oor die toekoms en daarom hulle veiligheid probeer waarborg deur terug te gryp na die verlede vir moontlike oplossings.
Die middelgroep ding met die linkse en regse radikale groepe mee om die gefrustreerdes en die onsekeres by hulle geledere te voeg. Die sukses waarmee die middelgroep optree sal bepaal of ons toekoms gekenmerk sal word deur 'n magtige groep van goedgesinde persone en twee onbeduidende groepe radikale, of twee groot direk opponerende radikale groepe en 'n onbeduidende middelgroep wat uitgelewer is aan die geweld tussen bogenoemde.

## DAAROM HET DIE SSG ONTSTAAN

Om studente en ook ander persone vanuit die gemeenskap, wat nog bererid is om met 'n oop gemoed en 'n gees van versoening na ons situasie te kyk, bymekaar te bring. Hierdie persone word oor die grense van ras, kleur en taal bymekaargebring om idees te ruil oor die werklikhede van Suid-Afrika, planne te maak en bande te smee wat nodig sal wees vir 'n gemeenskaplike toekoms.

**Ons as studente glo aan en verbind onsself tot die aktiewe uitlewing van die volgende doelstellings:**

Om 'n gevoel van gemeenskaplike patriotisme teenoor Suid-Afrika onder alle studente aan te moedig.

Om studente aan te moedig om aktief deel te neem aan die strewe na 'n vreedsame en veilige voortbestaan in Suid-Afrika.

Om as studente die volgende waardes na te streef:
- Die Christelike lewenswyse as prioriteit.
- Die vryemarkstelsel as ideaal.
- Die doelbewuste uitskakeling van rassediskriminasie.
- Die uitbreiding van die demokratiese basis vir die verkiesing van 'n legitieme owerheid.

Om deur ons optrede 'n realistiese ingeligte studentekorps daar te stel.

Om te skakel met ander groepe en persone wat dieselfde doelstellings uitleef.

Om groepe en persone wat verskil van die doelstellings byeen te bring en gemeenskaplikhede te deel.

## AKSIE!

- Om deur middel van publikasies inligting verantwoordelik te versprei.
- Om deur middel van briewe en artikels deel te neem aan die bestaande kampus-pers en andersins.
- Om deur middel van groepsbesprekings gesprek onderling tussen groepe te stimuleer.
- Om bestaande gesprekskanale op die kampus bekend te stel, te benut en aktief uit te bou.
- Geen protesoptogte of betogings sal gehou word nie.

## JOU AANDEEL

Kragtens die grondwet van die SSG, word enige persoon 'n ondersteunende lid van die SSG wanneer hy/sy:
- hom-/haarself ten volle met die deelstellings en aktiwiteite van die SSG vereenselwig.
- die voorgeskrewe ondersteuningslys teken.

Die bestuur, wat uit 12 lede bestaan, het elkeen 'n ondersteuningslys en sal nadat hulle hul vergewis het daarvan dat die betrokke ondersteuner homself met dié doelstellings vereenselwig, sy naam op die lys plaas.

Die SSG beywer hom om nie net studente te betrek nie maar ook die personeel van die Universiteit en enige belangstellende lid van die gemeenskap.

Die bestuur doen 'n beroep op belangstellendes om met hulle in verbinding te tree.

Kontakpersone:

Francois Schoombee – voorsitter (tel. 4232)
Olaff Visser (tel. 3603)
Merwe Genis (tel. 73773/4)
Estelle de Leeuw (tel. 3118)

Opgestel en geborg deur die Stellenbosse Studente Gesprek




DIE ou Damesbelangekomitee, wat nou as Sosius bekend staan, het Saterdag 'n tuinparty aangebied.

By hierdie geleentheid het me. Jane Raphaely, redakteur van die glanstydskrif "Cosmopolitan" as gasspreker opgetree.

Volgende Saterdag, 8 Februarie, word 'n croquetdag gehou. Almal is hartlik welkom en vir nadere besonderhede kan me. Anelia Coetzee, SR-lid vir Sosius, gekontak word.

# Dagbreek haak af met H T Bosch

DAGBREEK het Woensdag, 13 Februarie, by 'n spoggeleentheid met Huis ten Bosch afgehaak. Dit is 'n ou tradisie by Dagbrekers dat hulle elke jaar met hulle karnavalpaar trou.

Vanjaar het dinge boonop handuit geruk, want 'n baba is twee dae ná die troue gebore.

Toe daar gehoor is van Karnallie, wat eintlik die twee koshuise se vlot vir karnaval was, moes daar haastig planne gemaak word.

Maandag het Dagbreek se primarius, mnr. Tobie van Schoor, met die hoed in die hand gaan ouers vra by Huis ten Bosch se prinsipale. Dinsdag het hulle verloof geraak en teen Woensdag, die troudag, was die bruid se senuwees behoorlik gedaan.

Mnr. Tobie John Murray van Schoor is baie formeel in die eg verbind met die bruid me. Eljo ten Bosch van Heerden, Huis ten Bosch se primaria.

"Dominie" Lukas Mienie moes sy huweliksformulier spesiaal aanpas vir dié owerspelige paartjie. Die huweliksvoorwaardes is ook streng onder Huis ten Bosch se aandag gebring – die mans sou koffie in die bed kry en serenades was 'n moet. Dit is veral duidelik gemaak dat die meisies groot moeilikheid sou kry as hulle by ander manskoshuise sou aanlê.

Na afloop van die troue het die bruidskar die paartjie op hulle wittebrood deur die dorp geneem. Dit het ook deel uitgemaak van Dagbreek en Huis ten Bosch se reklameset vir karnaval.

Die baba (die vlot) is die Vrydagaand gebou, oftewel gebore.



BRUIDEGOM Tobie van Schoor kyk toe terwyl die bruid, Eljo van Heerden, die trouregister teken.



The Wine Route Hotel's student bar recently re-opened to the public.

# *Student's bar "alive again"*

THE Wine Route Hotel's student bar, "Die Balke", has recently been renovated and it re-opened to the public a week ago,

The female gender will be pleased to know that a Ladies' Bar has also been opened. For those who prefer quieter surroundings with a pleasant view, a new verandah caters for these needs.

For lovers of the sixties' and seventies' music, Jordi, the entertainer on Wednesday-, Thursday-, Friday- and Saturday nights, is an expert in this field. His repertoire includes the music of Bob Dylan, The Rolling Stones, J J Cale and the Beatles.

The Wine Route Hotel is located not far from Stellenbosch on the road to Paarl.




# ASVS lê in by fliek

VERLEDE Donderdag het 'n nuwe dimensie tot die sosiale kalender van Stellenbosch toegetree. Die Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch het sy eerste inlêfliek aangebied.

Volgens me. Zenda Barnard, voorsitter van die vereniging, is dit maar slegs een van die nuwe gedagtes wat hulle het om meer lewe in die vereniging te blaas.

Daar is nog 'n Matie-sangaand, parlementsbesoeke en etensuur-byeenkomste wat beplan word.

# I D D

**Maandag 3 Maart – Internasionale Drukkiedag**

Hou die kennisgewingsborde dop!




WEES JOU EIE BANKIER. ENIGE TYD.

Demp toe bankdeure jou geesdrif? Met 'n Bankmankaart kan jy nou 24 uur per dag, 7 dae per week, kitskontant by die Bankman outomatiese tellermasjien in Neelsie se deurloop kry.

Kry jou gerieflike Bankmankaart nou by die Bankmankantoor, Andringastraat 73, Stellenbosch, of skakel 7-1573.

**En wie moet jy bedank? Boland, Boland Bank.**

BOLAND BANK

24 UUR BANK

BOLAND BANK BEPERK GEREGISTREERDE ALGEMENE BANK

YOUNG & RUBICAM HEDLEY BYRNE 410502/07

# Voordele vir studente by S'bosch skietklub

STUDENTE kan by die Stellenbosch-pistoolklub leer hoe om 'n vuurwapen veilig, effektief en verantwoordelik te gebruik en te onderhou.

Volgens mnr. Jacques Arzul, voorsitter van die klub, wil die pistoolklub meer studente betrek. Die klub maak spesiaal vir studente voorsiening deurdat hulle vir net R15 per jaar kan aansluit teenoor die gewone fooi van R48. Mnr. Arzul stel ook al sy herlaaitoerusting verniet tot beskikking van die studentelede om die koste van ammunisie laer te hou. Die klub verhuur boonop .22-vuurwapens teen R2 per skietsessie vir die lede wat nie hul eie wapens het nie.

Die Stellenbosch Pistoolklub hou elke Saterdagmiddag om twee uur skietsessies. Daar word voorsiening gemaak vir teikenskuts, praktiese pistoolskuts – "pretskiet"-byeenkomste word ook gereeld gehou.

Lede wat hul eie wapens het, kan op uitstappies in die veld gaan om te skiet.

Wanneer iemand praktiese pistoolskiet wil beoefen moet hy 'n verdere R25 betaal om by die by die nasionale beheerliggaam, South African Practical Shooting Association (SAPSA) aan te sluit. Dit sluit ook versekeringsdekking in.

Wanneer voornemende lede nie in besit is van 'n SAPSA-kaart nie, moet hulle 'n beginnerskursus teen 'n fooi van R20 volg.

Mnr. Arzul meen dit is oorbodig om 'n Matie-pistoolklub te stig wat dan by Stellenbosch-pistoolklub affilieer, omdat dit onprakties sal wees om twee klubs op Stellenbosch te hê.

Die voorsitter en komitee van die Stellenbosch-pistoolklub het egter onderneem om 'n studenteverteenwoordiger op hulle komitee aan te stel wat as mondstuk vir die studentelede kan dien.

'n Uitgebreide skietkursus om mense in alle beginsels van skiet te onderrig word tans deur mnr. Arzul by die Tegniese Kollege op Stellenbosch teen R50 per inskrywing aangebied. Verdere inligting omtrent dié kursus kan by die Kollege gekry word.

Die pistoolklub se algemene vergadering word op 10 Maart by dieTegniese Kollege gehou. Alle belangstellendes is welkom – vir verdere inligting omtrent die klub kan die volgende persone geskakel word:

mnr. Jacques Arzul, voorsitter, by tel. 76889; mnr. Tobie Openshaw, sekretaris en instrukteur, by tel. 75857; en mnr. Paddy de Vries, instrukteur, by tel. 024-562703.



# OP DIE KANTLYN

**Deur CHRIS THERON**

LAAT ons begin deur te sê dat ons altyd bereid sal wees om nuwe stelsels op die proef te stel.

Dit geld dan ook spesifiek vir die nuwe uitspeel prosedure wat in die derde liga ingestel gaan word. Maatreëls om die laai van spanne in die laer ligas te bekamp was al geruime tyd nodig.

Ons wil waarsku teen die moontlikheid dat hierdie prosedure op die derde liga afgeskuif is, sonder dat 'n realistiese voorstelling gemaak is dat hierdie prosedure ook vir die senior ligas kan geld.

Indien dit die geval sou wees is hierdie eksperiment reeds van die begin gedoem. Vir 'n eerlike soeke na 'n dinamiese en aantreklike spel bly dit noodsaaklik dat hierdie prosedure, selfs met sy gebreke, eers op die proef gestel moet word.

Solank as dit nie as 'n foefie beskou word, wat in elke geval volgende jaar sal afsterf of net op die derde liga van toepassing gaan bly nie, kan die hele proefneming laat vaar word.

Die voordeel van so 'n stelsel is dat dit sekere wedstryde meer belangrik as ander gaan maak.

Die uitslag van die promosie/relegasie wedstryde sal altyd kritiek wees en 'n span sal nooit op sy vorige oorwinnings kan staat maak nie.

Ons is net besorg oor die feit dat punte tydens promosie/relegasie wedstryde oorgeneem word. Dit beteken dat indien jy 'n promosie wedstryd teen 'n baie swak span, met min punte, sou speel dit op die ou end voordeliger sou wees om te verloor.

Miskien kan die stelsel so uitgebrei word dat die wenners van 'n promosie-/relegasie wedstryd nooit benadeel en die verloorders nooit bevoordeel word nie. Met ander woorde as jy 'n swakker span met minder punte in 'n promosie wedstryd sou klop jy steeds jou punte sou behou.

* * *

Met die kaliber tennis talent wat vanjaar op die Bos rondloop kan 'n mens nie anders as om te verwag dat Stellenbosch vanjaar groot dinge op die gebied gaan verrig nie. Voorwaar 'n pluimpie vir Gerrie Berner, die afrigter en dryfveer agter die klub.

* * *

Ons kan nie anders as om vir Dagbreek geluk te wens met sy massa deelname by die atletiek sowel as die eerstejaarstoeitoernooi nie. Dit gebeur nie elke jaar dat 'n koshuis 'n premie op massadeelname plaas nie.

# *Touchie toernooi uitgebrei*

DAGBREEK sal op 8 Maart hul titel in die Interkoshuistouch-toernooi verdedig.

Dié kompetisie waarin alle manskoshuise deelneem is vanjaar aansienlik uitgebrei. Verlede jaar kon elke koshuis twee spanne inskryf. 'n Algemene klagte was dat spanne wat tydens die eerste rondte uitgeval dan slegs 'n enkele wedstryd gespeel het.

Vanjaar het Dagbreek, die aanbieders, se Touchkomitee nie net aandag hieraan gegee deur 'n plaatkompetisie in te stel nie, maar het ook 'n kategorie vir voorspelers die lig laat sien.

Elke koshuis/PSO-wyk kan dus drie spanne inskryf in vergeleke met net twee verlede jaar.

In die plaatkompetisie sal dié spanne wat in die eerste rondte uitval onderling om 'n eerste plek meeding.

Die wenners van die hoofkompetisie ontvang die Paul Revere-wisseltrofee asook 'n kontant bedrag. Paul Revere is die borge van hierdie geleentheid.

Die prysuitdeling, in die rugbyklub, vind die aand na afloop van die wedstryd plaas.

Die Dagbreek Interkoshuistouch-toernooi mag baie insiggewend wees in die opsig dat dit as 'n maatskaf kan dien waarmee die onderskeie koshuisrugby gemeet kan word.


HOE JOU STUDENTELEWE MEER BAAT KAN VIND BY STUDENTPLAN.



# Koshuisreëls weer anders

KOSHUISRUGBY moet – behalwe die huidige puntestelsel (drie – vier punte; skop – twee punte) – so na as moontlik volgens die internasionale reëls gespeel word.

Dit is een van die besluite wat op 'n vergadering van die onderskeie koshuisrugbyverteenwoordigers geneem is. Volgens nog 'n besluit gaan 'n nuwe stelsel vir uitspeelwedstryde in die derde liga vanjaar beproef word.

Op die vergadering, wat deur die rugbyklub op aandrang van die koshuise gereël is, is 'n sub-komitee met dr. Danie Craven as voorsitter aangestel. Die komitee sal die aangeleentheid rondom die skopreël ondersoek en ook voorstelle indien vir die implementering van sekere reëls wat verlede jaar gegeld het.

Hoewel die koshuise feitlik saamgestem het dat daar weg van die spesiale koshuisreëls beweeg moet word ten gunste van die internasionale reëls, verskil hulle oor watter spesiale reëls hulle nog wil behou.

Volgens mnr. Dawie Snyman, voorsitter van die US-rugbyklub, word die hele aangeleentheid rondom die reëls verder bemoeilik deur die uiteenlopende menings van die verskillende koshuise. Hy het gesê dit is nie maklik om heeltemal na die internasionale reëls terug te keer nie.

Mnr. Snyman meen byvoorbeeld dat die hand-opsteekreël steeds moet geld. Volgens hom voorkom die reël beserings deurdat dit die aandag op die bal, en nie die man nie, vestig. Hy sê rugby word nie teen die man gespeel nie, maar teen rugby self.

Mnr. Hennie Lourens, Dagbreek se rugbyverteenwoordiger, meen dat – behalwe die behoud van die puntereël – die skrumskakelreël en die koelkasreël as straf vir vuilspel weer vanjaar moet geld. Volgens hom verseker die reël dat die verdedigende skrumskakel nie die ander span s'n mag agtervolg nie die vloei van die spel, ten spyte van moontlike ongelykhede tussen die twee skrumskakels.

Mnr. Toit Malan, rugbyverteenwoordiger van Eendrag, meen egter dit sal die beste wees om, behalwe die puntereël, heeltemal volgens internasionale reëls te speel. Dit verseker volgens hom 'n gladde skakeling tussen koshuisrugby en klubrugby. Hy sê dit sal onnodige verwarring voorkom waar spelers die een dag koshuisrugby en die ander dag klubrugby speel.

Mnr. Snyman het gesê die sub-komitee, wat uit twee afrigters en twee skeidsregters bestaan, die koshuise se menings ernstig oorweeg en binnekort verslag daaroor sal doen.

Die ander lede van die sub-komitee is mnr. Justus Potgieter, mnr. Gert Potgieter, mnr. Albie Basson en mnr. Pat Montini.

### Uitspeel

Die nuwe stelsel vir uitspeelwedstryde in die derde liga is ook op die vergadering bekend gemaak. Mnr. Dawie Snyman wou die stelsel eers tot die twede liga deurvoer, maar ná die koshuise beswaar gemaak het daarteen, is besluit dat dit net vir die derde liga sal geld.

Die derde liga sal volgens die nuwe stelsel in vier afdelings gegroepeer word. Elke afdeling sal ses spanne hê, wat tussen mekaar om 'n beker sal meeding.

Elke afdeling word in twee groepe verdeel. Promosie- en relegasiewedstryde word dan oorkruis tussen die verskillende groepe van die afdelings naas mekaar in omgekeerde volgorde gespeel.

'n Drie-weeklikse siklus word ingestel en sal soos volg verloop: week een – daar word onderling tussen die twee groepe in elke afdeling meegeding. Week twee – afdeling A (die hoogste) speel oorkruis teen afdeling B; en net so afdeling C teen afdeling D (die laagste). Week drie – afdeling A speel onderling; afdeling B speel oorkruis teen afdeling C en afdeling D speel onderling.

As 'n span 'n promosiewedstryd wen, neem hy die ander span se punte en sy plek oor. Die verloorspan verskuif dan na die wenspan se vorige plek en neem ook sy punte oor.

Volgens mnr. Snyman sal dit verseker dat die liga nie deur koshuise "gelaai" kan word nie. Dit sal ook meebring dat die uitslag van promosie- en relegasiewedstryde belangriker word en dwarsdeur die seisoen belangrik sal bly. Hy sê dit sal die toeskouers se belangstelling in die wedstryde verder prikkel.

● Dat die stelsel wel gebreke het kwel hom nie, sê mnr. Snyman. Volgens hom is die stelsel uiters dinamies en sal enige probleme wat opduik maklik hanteer kan word.

## Diagrammatiese voorstelling van die nuwe uitspeel-stelsel vir derde-liga




## Dagbreek stoeiers oorrompel ander

DAGBREEK het Vrydagaand 21 Februarie die Dirkie Kotze eerstejaarstoei-toernooi met 'n totaal van 54 punte gewen.

Die toernooi wat twee jaar gelede aangebied is het as uitdunningsrondte vir die stoeiklub gedien.

Volgens mnr. Lourens, Dagbreek se sportverteenwoordiger, was die toernooi baie professioneel aangebied en het dit uitstekende vermaak aan die toeskouers verskaf. Daar het sewe spanne van vyf koshuise deelgeneem.

Andy Turner en Johnny de Wet, onderskeidelik die afrigters van Dagbreek en Libertas se spanne, het na afloop van die toernooi 'n vertoongeveg gelewer.

Die finale puntstand was: 1. Dagbreek (54); 2. Libertas (45); 3. Eiffel (42); 4. John Murray (37); 5. Huis Visser (28); 6. Oude Molen (17); 7. Wilgenhof (10).

## KORTSPORT

### BINNEHUISE HOKKIE

DIE volgende Maties is in die WP-spanne opgeneem: Vroue: WP A. Calitz, S. Calder, A. Luttig, G. Strapp en L. Alcobia. MANS: D. Reid-Ross, A. Schoemann, K. Fairweather en K. Paxton.

### SWEM

JOHANNESBURG – Herman Nienaber, titelhouer in die 200m borsslag, berei hom tans hier voor vir 'n aanslag op die SA rekord in die item. Hy neem volgende week op Stellenbosch aan die SA-kampioenskappe deel.

Die SA rekord staan al ses jaar lank agter die naam van Dougie Eager van die Vrystaat. Sy tyd was 2 min.22.09 sek.

Herman neem Vrydag 7 Maart in die kleure van WP deel. Alhoewel sy beste tyd in die nommer 2 min 26 sek. is, is sy oefenprogram so opgestel dat hy homself 'n billike kans gun om onder die regte omstandighede die rekord in te palm.



Eerstejaars op die Bos – maar dit is beslis nie die eerste jaar op die tennisbaan vir René Uys (links), Lizma van Zyl (regs) en Julie Burger (onder) nie.

## SPORTPROFIEL

'N ONINGELIGTE registrasiebeampte het, nadat hy agtergekom het dat René Uys nie haar simbolestaat van 1982 getoon het nie, vir haar gevra wat sy die afgelope twee jaar gedoen het. "Niks" het sy geantwoord.

Niks is egter nie die beste woord wat daardie twee jare beskryf nie. Tensy 'n mens natuurlik 'n beste posisie op die wêreldranglys van 34, en die bereiking van die kwarteindrondte van Wimbledon as niks bestempel nie.

As onder twaalf speelster speel sy vir Vrystaat, Noord-Transvaal en Suid-Transvaal. Toe sy veertien was het sy die o/16 SA-titel gewen en was sy twee maal die o/18 kampioen. In 1978 was sy vir die Junior Springbokspan gekies en toe die laaste Springbokspan in 1982 gekies is, word sy ook ingesluit.

Op Stellenbosch speel sy vir twee uur per dag tennis teen goeie spelers en sy geniet dit soveel meer.

Sy het vir die BA-graad ingeskryf en beoog om uiteindelik kliniese sielkunde te doen. Intussentyd sal sy aan genoeg toernooie deelneem om op die wêreldranglys te bly.

As 'n mens vir Lizma van Zyl, knap jong tennisspeelster van die WP seniorspan dophou, val haar aanvallende spel en benadering dadelik op.

Dieselfde energie wat sy op die baan vertoon kan jy ook in haar gesels aanvoel.

Lizma skryf haar aanvanklike belangstelling in tennis toe aan haar pa, wat ook 'n tennisspeler was. Op elfjarige ouderdom het sy reeds baie talent getoon.

Vanjaar het sy vir die graad BA (Sielkunde) ingeskryf, nadat sy verlede jaar aan die Hoërskool D.F. Malan gematrikuleer het. Die Kaap het uiteindelik haar tuiste geword ná hulle reeds vyftien keer verhuis het.

Toewyding aan die spel is noodsaaklik om sulke prestasies te lewer, en dit is dus nie snaaks nie as sy tennis die "nommer een" in haar lewe noem nie.

Wanneer sy klaar studeer het, wil sy graag haar tennisvermoë oorsee gaan toets.

Hieroor het sy egter geen illusies nie. Sy het self al die "leef-uit-die-tas" ondervinding opgedoen, en is heeltemal bewus dat dit harde werk is om mededingend tennis te speel.

Om reeds op agtienjarige ouderdom agtiende op die senior vroue tennisranglys te wees is 'n merkwaardige prestasie. En vir Julie Burger is dit slegs die begin van 'n belowende tennisloopbaan.

Sy kom oorspronklik van Middelburg (Transvaal), maar hulle het Kaap toe verhuis waar sy verlede jaar aan die Hoërskool Groote Schuur gematrikuleer het. Vanjaar het sy vir die graad B.Admin ingeskryf.

Moenie glo dat sy sommer verniet Stellenbosch toe gekom het nie. Sy het 'n aanbod om by 'n Amerikaanse universiteit te studeer van die hand gewys omdat sy haar hier op Stellenbosch eers deeglik wou voorberei.

Dit behels nie net die bereiking van groot hoogtes in tennis nie, maar ook die suksesvolle voltooiing van haar kursus.

Sy beskou Stellenbosch as die beste "tennis-universiteit" in die land veral ná die koms van die afrigter, Gerrie Berner verlede jaar. Boonop is daar 'n sterk oefengroep by Stellenbosch (op die oomblik oefen 18 spelers, wat onder die top 20 vir seniors en juniors in SA gekeur is, gereeld op Coetzenburg.)

# Gideonsbende van Serruria seëvier

COETZENBURG – Libertas het Vrydag, 7 Februarie, Dagbreek met 2½ punte tydens die eerstejaars-atletiekbyeenkoms geklop.

Serruria het die vrouekompetisie met net vier atlete wat aan agt items deelgeneem het gewen.

Die stryd tussen Libertas en Dagbreek was een van goeie prestasies teen massa deelname.

Uiteindelik het slegs nege van Libertas se atlete vir hulle oorwinning gesorg. Dagbreek se totaal was dié van sewentien atlete se pogings.

Erna Theron, Mariaan Viljoen, Desirée Strydom en Karen Bentley is die vier atlete wat aan Serruria hulle oorwinning besorg het.

Strydom het die 100m hekkies (17,03) en die verspring (4,76) gewen, terwyl Bentley die 400m hekkies (70,40) en die spiesgooi (35,80) gewen het. Serruria het met vyf eerste plekke, twee tweede plekke en een sesde plek gewen.

Libertas se oorwinning is veral te danke aan Naude Jordaan, wat beide die 800m (1:53,50) sowel as die 1500m (4:01,60), gewen het.

M. Langenhoven en E. Smith het onderskeidelik die 3000m (8:52,40) en die hamergooi (38,40) gewen.

Die eerste plekke van Dagbreek was die 4x100m aflos, die verspring (6,26) en die driesprong (12,86). Laasgenoemde twee is deur Ian Bruyns gewen wat ook tweede in die hoogspring en vierde in die 110m hekkies was.

Leon van Biljon het tot Simonsberg se derde plek bygedra deur die 100m (11,44), 200m (22,40) en die 400m (48,60) te wen.

Lee Thornburn het die 100m (13,37) en 200m (27,30) vir Heemstede gewen, terwyl C. Botes van Huis ten Bosch die gewigstoot (12,02) en skyfwerp (32,94) gewen het.

Die finale puntestand was as volg:

MANS – 1. Libertas (61); 2. Dagbreek (58½); 3. Simonsberg (46); 4. Eendrag (36).

VROUE – 1. Serruria (51): 2. Erica (34); 3. Huis ten Bosch (33½); 4. Technikon (28).

# Eendrag laat bofbal herleef

BOFBAL is 'n al hoe gewilder sportsoort by die Universiteit van Stellensch. Dit blyk uit die eerste koshuisliga in die geskiedenis van die US wat verlede week gespeel is.

Die wedstryd is verlede Woensdag tussen Eendrag en Simonsberg gespeel.

Eendrag het 'n puik sege behaal deur Simonsberg 19 – 13 te klop. Die puntetelling het as volg gelyk:

Eendrag 1 1 0 1 0 1 3 0 3 0 – 19
Simonsberg 0 0 1 2 3 0 1 6 0 – 13

Die US-bofbalklub is reeds in 1931 gestig ná proff. J. H. Neethling, J. Marais en F. Simm tydens hulle studiejare in die VSA met bofbal kennis gemaak het.

Prof. Neethling het ook 'n bedrag bewillig om bofbal aan dié universiteit te bevorder.

Die volgende drie dekades het die klub goeie ondersteuning geniet en groot hoogtepunte gelewer, maar in 1964 het dit tot stilstand gekom.

In 1973 is die klub weer op die been gebring deur mnr. A Kellerman.

Die klub het met vyf spelers begin waarvan drie vorige ondervinding van bofbal gehad het.

Tans beskik die bofbalklub oor twee spanne. Die eerste span het reeds toelating tot die Westelike Provinsie se Promosieliga gekry.

Volgens mnr. Fanie Nothnagel, voorsitter van die bofbalklub, beweer dat 'n gebrek aan kennis oor die spel verantwoordelik kan wees vir die gebrek aan belangstelling.

Bofbal vereis nie uitsonderlike talent nie en elke speler kry (in dieselfde wedstryd) 'n paar beurte om te kolf, het hy gesê.

STELLENBOSCH MINI GHOLF

Open Saterdag 1 Maart 1986 om 10 vm. op die VAN DER STEL-SPORTGRONDE (langs die tennisbane in Du Toitstraat)

GROOT PRET

Beslis die goedkoopste vermaak in die dorp.

Baie pryse te wen by die opening.

# VAKANSIEWERK

STELMARK Verspreiders Distributors

VERKOOPSTOERE

APRIL / JUNIE / SEPTEMBER / DESEMBER / JANUARIE

## WAAROM VIR STELMARK KOM TOER?

- DIE MEES ERVARE TOERLEIERS WERK VIR DIE MEES DINAMIESE TOERGROEP.
- DIE HOOGSTE GEMIDDELDE VERDIENSTE WORD KEER OP KEER GEHANDHAAF.
- NIE SLEGS DIE TOERLEIERS IS DIE TOPVERDIENERS NIE.
- PRODUKTE OP GEREELDE GRONDSLAG BY MARKOMSTANDIGHEDE AANGEPAS.
- STELMARK BLY GEWILD TOER NA TOER BY HULLE GEREELDE KLIËNTE.
- STELMARK IS VIR MATIES DEUR MATIES.

**KOM KUIER BY OF BEL NET**

WILLEM BEKKER
QUARTA W/S 5
(oorkant Dagbreek op die hoek)
STELLENBOSCH
TEL. 02231-79590

JOHAN STIGLINGH
SHIRAZSTR. NO. 2
KLEINGELUK
STELLENBOSCH
TEL. 02231-76731/75592

Ek stel belang in vakansiewerk by Stelmark

NAAM .............................................. TEL. ....................

ADRES ..............................................................................

.............................................................. POSKODE ....................

Pos asb. aan STELMARK VERSPREIDERS, POSBUS 6089, STELLENBOSCH 7600